
# SA BOERPERD

## Gedenkuitgawe
2001




Equilis Equenza-T
Reg. No. G2774 (ACT 36/1947)
A clear solution
Intervet's
New
Influenza tetanus
combination vaccine
The
vaccine with the latest
European and American
equine influenza
strains
intervet
Great company for horses
Intervet South Africa (Pty) Ltd Private Bag X2026 Isando 1600 Tel: (011) 974 3903 Fax: (011) 974 9320

# Inhoud • Contents

Voorwoord - Keith Ramsay 3
Die President se boodskap 5
S.A. Boerperd Raad 5
S.A. Boerperd: Die afgelope 5 jaar - *M.D. Burger* 7
Boerperd-kantoor skuif na Sekretariaat - *Marius Roodt* 10
Die Namib-perd: Rustig, kalm en eerlik - *Martinette Esterhuize* 12
Bewondering vir 'n gesogte rydier - *Hedwig Schoonraad / Dr Frans vd Merwe* 15
Boerperd-entosiaste herdenk die Tweede Vryheidsoorlog 20
Wanneer is 'n Boerperd 'n S.A. Boerperd - *Carel Jacobsz* 28
The Boerperd and DNA profiling - E Harris 35
Merietestelsel 'n beloning vir teler, perd en ruiter - Hedwig Schoonraad 37
Opleiding en kursusse - Hedwig Schoonraad 41
Plaasperd en plesierperd - Michiel Burger 44
Deelname aan kampioenskappe groei - Heleen Pope 47
S.A. Boerperd exells in open shows - Heleen Pope 51
Positiewe invloed van die dresseerarena - Hedwig Schoonraad 55
Driefase beproef Boerperd tot die uiterste - Hedwig Schoonbraad 59
Die grootste Boerperdprestasie nóg! - Hindrie van Rensburg 62
Die keuse van 'n uithouritperd - Suzanne van Rensburg 63
S.A. Boerperd en die toekoms - Jan van der Wath 64

**S.A. BOERPERD TELERSGENOOTSKAP**
**SEKRETARIAAT:**
Sekretaresse: Sonja Wasserman
Posbus 1060
Bloemfontein 9300
Tel: (051) 430-2456
Fax: (051 447-6153

**RAAD**
Jan van der Wath - President
Michiel Burger - Vise-President
Lomon Terreblanche - Stamboek
Kobus Kemp - Veilings en Nuwe Lede
Laura van den Heever - Skoue en Finansies
Hedwig Schoonraad - Kursusse and Meriete
Hermann Bührmann - Keuringstoere
Heléne Pope - Reklame

**PRODUKSIE VAN JOERNAAL**
Charmainé Alberts Ontwerp & Bemarkingsdienste
Posbus 328 Brandfort 9400
Tel / Faks: (051) 821-1783



**VOORBLADFOTO**
Perd: *Lang Carel Kristal*
Eienaar: *Jan Badenhorst*
Fotograaf: *Johan Theron*



# MOENIE DIE TEIKEN MIS NIE !
# WEES REG IN DIE KOL

## GEBRUIK TEIKEN SPESIFIEKE ENTSTOWWE

Onderstepoort Biologiese Produkte bied jou kolskoot voorkoming teen 'n wye verskeidenheid dieresiektes. Gebruik die volledige reeks teiken spesifieke entstowwe, ontwikkel in Suid-Afrika vir die Suid Afrikaanse boer.

OBP (Bpk) Reg nr. 2000/022686/06
Privaatsak X 07, Onderstepoort 0110 Tel: (012) 522 1500

BIO
ONDERSTEPOORT
PROD

# Voorwoord

Gedurende 1998, het ek 'n aandeel gehad in die verandering van die naam van die Historiese Boerperd na SA Boeroerd en tydens 'n funksie na afloop van die algemene jaarvergadering het ek die voorreg gehad om die telers toe te spreek. Die kern van my toespraak was rasegtheid - en die sleutel rol van die lede van die betrokke genootskap in die behoud van 'n ras.

Dit was my eerste kontak met die breë genootskap en wat vir my opvallend was, was die 'familie-gees' tussen die lede. Daar was goeie kommunikasie en die belange van die ras het voorkeur bo enige persoonlike verskille geniet. Drie jaar later heers dieselfde gees.

Natuurlik het telers hulle verskille - dit is menslik en gesond - maar die belange van die ras kry nog voorkeur. Die gevolg is dat die SA Boerperd, een van Suid-Afrika se eie perderasse van krag tot krag gaan.


Kommunikasie tussen lede, en die verspreiding van feitlike inligting aan belangstellendes, bly een van die hoekstene van 'n telersgenootskap. 'n Joernaal is een van die mees doeltreffende middels tot ons beskikking.

Al is ons in die midde van 'n elektroniese revolusie met hulpmiddels soos e-pos en die internet, bly die gewone gedrukte woord en goeie illustrasies die mees effektiewe metode om inligting te versprei.

'n Gesonde balans van feitlike artikels, goed beplande advertensies, terugflitse na die verlede en artikels en foto's van die afgelope jaar se gebeure is deel van die resep vir 'n goeie ras-joernaal. Die sukses van so 'n publikasie as effektiewe kommunikasiemiddel lê ook grootliks in die ontwerp en uitleg, en dit is hiér waar die redakteurs en die uitgewer nou moet saamwerk. Ek is seker dat die leser met my sal saamstem: die SA Boerperperd-'resep' is 'n wenresep!

As registrateur sien ek uit na elke joernaal wat ek ontvang. Dit is moeilik om kontak met die verskillende rasgenootskappe te behou, en joernale is een van die hulpmiddels wat ek graag gebruik.

**Deur Keith Ramsay**



During 1998, I was involved with the changing of the name of the 'Historiese Boerperd' to 'SA Boerperd' and, during a function after the AGM, I had the opportunity to address the breeders. The essence of my talk was breed purity and the key role of the breed society in the future of the breed.

This was my first meeting with the breeders' society. What impressed me was the 'family spirit' between members. There was effective communication and the interests of the breed came first before any personal differences of opinion. This has not changed over the past three years.

Breeders do have their differences. This is human and healthy, but the interests of the breed still come first and the SA Boerperd - one of South Africa's own horse breeds - is going from strength to strength.

Communication between members - and the circulation of factual information to all interested parties is still one of the cornerstones of a breed society and a journal is one of the most effective tools available.

Even though we are in the middle of an electronic revolution with tools such as e-mail and the internet, the printed word, supported by quality images, remains the most effective way of sharing information.

A sound balance of factual articles, well planned advertisements, reflections of the past and articles and photos from the past year's events are all part of the recipe for an effective breed journal. The success of such a publication as an effective means of communication depends largely on the design and layout, and it is here that the editors and publishers must work closely together. I am sure that all readers will agree that the SA Boerperd 'recipe' is a winner.

As registrar, I look forward to every journal that I receive. It is difficult to maintain contact with the different breed societies. Reading journals is one way, and one that I use by preference.

# Bontstaan & De Emigratie
# SA Boerperd Studs


Riaan Oberholzer • PO Box 2057
Ermelo 2350
Tel 017 - 811 4207 / 083 271 7173


## *"Sporting Versatility"*












# Die President se Boodskap

Met dank dra ons hierdie joernaal op aan ons eie inheemse perd, die S.A. Boerperd wat stam uit die eerste groep perde wat van Java af gekom en in Afrika ontwikkel het.

Dit is die perd wat deur die Vryburgers gebruik is, die perd wat deur die Grensboere gebruik is om hulle vee teen strooptogte te beskerm, die perd wat deur die Voortrekkers gebruik is om die gevare van die woeste, onherbergsame binneland te trotseer, die perd wat deur die boere van die Boere-Republieke sedert 1852 gebruik is. Dit is die perd wat Suid-Afrika in hierdie tyd getem het. Dit is die perd wat sy grootste bydrae gelewer het tydens die Anglo-Boere-Oorlog en vir ons baie keer die hoogste prys betaal het. Dit was in hierdie oorlog waar die Boerperd sy onbesproke vermoë van moed, getrouheid en uithouvermoë bewys het en tot die bittere einde sy ruiter gedien het.



*Mnr Jan van der Wath, President.*

Hierdie edel perd waarvan ons hier praat, is inderdaad die S.A. Boerperd!

Dit is dan ook die perd wat ons daagliks sien presteer as dresseerperd, universele driegangperd, tuigperd, tradisionele drie- en vyfgangperd, springperd, skouperd in junior klasse asook vir senior burgers op plesierritte, plesierperd, uithouritperd, gymkhana-perd en werksperd op die plaas. Voorwaar die enigste perderas met hierdie veelsydige en uitstaande eienskappe en gebruike.

Ons dank ons Skepper dat Hy ons liefde, toegeneentheid, toewyding en verantwoordelikheid gee om hierdie perd voort te bou tot eer van Sy Naam.

## S.A. Boerperd Raad - 2001-2002




Laura v.d. Heever
Skoue en Finansies




Hedwig Schoonraad
Kursusse en Meriete




Heléne Pope
Reklame




Herman Bührmann
Keuringstoere



Michiel Burger
Veilings en Administrasie



Lomon Terreblanche
Stamboek




Kobus Kemp
Veilings en nuwe lede

# A2 STOET



***Suiwer perde uit die ou en gesogte bloedlyn. Ons bou voort op die trotse tradisie, om geharde en eerlike perde te teel met 'n voortreflike temperament en ry gemak. Veelsydige perde wat deur die hele gesin gebruik kan word.***





***Kontak M.D. Burger***

***Rosendal • Tel: 082 6749 595 of 082 6935 315***

# S. A. Boerperd: die afgelope 5 jaar

**Opgestel deur M.D. Burger**

Die S. A. Boerperd is 'n eg Suid-Afrikaans geteelde ras en is in 1996 deur die Departement van Landbou as ontwikkelde ras erken.

'n Hoogtepunt was die naamsverandering in 1998. Danksy die harde werk van mnr. Carel Jacobzs het die genootskap weer sy ou naam, die S.A. Boerperd, na 25 jaar weer teruggekry. Die naam en embleem is ook by die Patentekantoor geregistreer om die identiteit te beskerm.


Die S.A. Boerperd het die afgelope 25 jaar merkwaardige vordering gemaak en die 25- jarige feesvieringe is afgesluit met 'n prag bylae in *Die Landbouweekblad* van 8 Mei 1998.

Die eeufees-herdenking van die Anglo-Boereoorlog is herdenk met verskeie herdenkingsritte deur die Genootskap se lede. Die roem wat die Boerperd tydens die oorlog verwerf het, leef voort in hul afstammelinge.

Die ras het baie vinnig vordering gemaak, veral ten opsigte van getalle en kwaliteit van die perde. In die sportwêreld het die Boerperd sy veelsydigheid getoon en het die perd oral begin presteer.

Dit het tot gevolg gehad dat daar in 1993 op die Pretoria-Skou vir die eerste keer 'n onderskeid gemaak is tussen die universele en tradisionale tipe beweging, en afsonderlike klasse geskep is vir die twee tipes.

Die skou het só gegroei dat daar tans 'n Nasionale Kampioenskap en drie Streekskampioenskappe per jaar aangebied word.



*Mnr Jaap Cloete by Cloete Eggo Klinker Nr.1. Hierdie foto is in 1959 geneem.*



*Hierdie is die oudste foto van 'n Hancke-perd.*

# Pristantia S.A. Boerperde

**Perde word geteel uit die oorspronklike Cloete Perde, ook bekend as die Eggo boerperd, wat deur Willem Cloete van Molteno geteel is.**



**Ook die Odendaal-perde wat oorspronklik in Kestell distrik geteel is uit Perde wat die Anglo-Boere-oorlog oorleef het en daarna hoofsaaklik in die hoë berge naby Witsieshoek aangehou is. Hulle was gekenmerk deur geel- en Palomino Kleure.**



**Die perde is geteel vir goeie beweging, rygemak en het goeie temperament, hulle is geskik as Familie ryperde en vir plesierritte.**



***Kom besoek Piet; Christa Nel & gesin op Constantia • Senekal***
***Tel: 058 481 3029 of 083 406 0343***

In die middel negentigerjare het die genootskap die Namib-perde as 'n sewende bloedlyn aanvaar na 'n deeglike ondersoek na die herkoms van die perde. Fenotipies is die Namib-perd baie na aan die bekende bloedlyne. Verskeie telers het ook reeds van die perde gebruik met goeie resultate.

Die ander ses erkende bloedlyne is:

1. Die Eggo- of Cloete-perd, ook bekend as die Eggo-boerperd, wat deur Willem Cloete van Molteno geteel is.
2. Die Van Niekerk- of A2-perd wat sedert 1879 deur Albert van Niekerk van Wakkerstroom geteel is.
3. Die Odendaal-perde wat oorspronklik in Kestel-distrik geteel is uit die perde wat die Anglo-Boereoorlog oorleef het en daarna hoofsaaklik in die hoë berge naby Witsieshoek aangehou is. Hulle was gekenmark deur geel en palominokleure.
4. Die Hancke-perde wat hoofsaaklik blou en rooibruin van kleur was.
5. Die Middelton-perde van Brindisi in die Oos-Vrystaat.
6. Die Steenkamp-bloedlyn van Ermelo.

Soos die telerslys gegroei het, het twee Boerperdklubs ontstaan, nl. die Hoëveld en OVS/Natal-klubs. Die klubs bied gereeld kursusse en plesierritte aan en is 'n uitstekende advertensie vir die ras en genootskap.

In 1996 was daar weer 'n nasionale veiling in Pretoria aangebied. Dit was 'n klinkende sukses en word tans jaarliks gehou. In 2001 is die nasionale veiling na Kyalami, Johannesburg, verskuif



*Mnr Jaap van Niekerk op Dawid uit die A2-bloedlyn.*



*Lang Carel Steenkamp op Kolbooi. Die foto is in ongeveer 1935 geneem.*


en is 'n gemiddelde prys van R10 000 per perd behaal. Om aan die groeiende vraag na teeldiere te voldoen, is besluit om 'n produksieveiling te hou. Hierdie veiling was ook goed ondersteun deur beide kopers en verkopers. Albei veilings sal jaarliks aangebied word.

Behalwe vir die veilings het 2001 ook gesorg vir die Boerperdfees, 'n streekskampioenskap, die Algemene Jaarvergadering en produksieveiling - alles in een week! Dit was 'n ware fees, waar die Boerperdfamilie weer kon saam kuier soos in die verlede.

Die kantoor van die genootskap het ook in 2001 na die Sekretariaat in Bloemfontein verskuif.

# Boerperd-kantoor skuif na Sekretariaat

**Deur Marius Roodt**



Marius Roodt
Bestuurder



Sonja Wasserman
Sekretaresse

Die Sekretariaat is 'n instansie wat 'n administratiewe diens aan telersgenootskappe lewer en is gesetel in die S.A. Stamboekgebou in Bloemfontein. Die Sekretariaat en Stamboek is twee afsonderlike entiteite, hoewel daar baie noue samewerking tussen die twee bestaan.

Tans maak 16 telersgenootskappe gebruik van die Sekretariaat se dienste en die verspreiding van rasse sien as volg daaruit: 3 perde, 8 beeste, 3 skape, melkbokke en varke. Die personeel van tien lede bestaan uit 'n bestuurder, 'n finansiële afdeling, genootskap sekretaresses en 'n liasseerklerk.

Die S.A. Boerperde sal derhalwe met die volgende persone kontak hê: Marius Roodt (Bestuurder), Sonja Wasserman (Sekretaresse), Theresa le Grange (Krediteure) en Louisa Labuschagne (Debiteure).


Die voordele verbonde aan die Sekretariaat behels onder meer die aangrensende ligging van genootskapskantoor en registrasie-owerheid wat kostes en tyd bespaar, gevestigde infrastruktuur, verantwoordelike bestuur van genootskapsake, volle finansiële administrasie en kontinuïteit. Professionele tegnologiese rugsteun bring verder mee dat data veilig bewaar word.

Die identiteit en bestuur van die genootskap word nie nadelig geaffekteer deurdat kantore met ander genootskappe gedeel word nie - inteendeel word daar baie van mekaar geleer en die Raad van die S.A. Boerperd Telersgenootskap het steeds 'n baie belangrike funksie te vertolk.

# ENGELBRECHT BROERS

## Stoetery: Madeira

Navrae:
Hennie 082 481 0960 • Josef 072 293 2514




Lekkerkry Roftie

Reserwe 5 Gang Kampioen Pta Skou 2000



Madeira Aitsa

Reserwe Groot Kampioen Merrie Horse of the Year Show 2001



Hingsvul



Teel merries met vullens

**Selekteer vir:**


- Temperament
- 5-gang, 3-gang & dresseerperde
- Baie goeie beweging
- Gunsteling kleur - Palomino

***Kom kyk self***

# Edel SA Boerperd Stoet

Posbus 749 • Bronkhostspruit 1020 • Tel: 082 550 1212 / 082 377 7270
Faks: 013 935 7036

Uitstaande temperament, hanteerbaarheid, vlugvoetigheid en betroubaarheid maak ons perde 'n gepaste ryperd vir almal.



CALELA VATIKAAN
Hy het reeds in talle dresseer kompetisies presteer en THS Gauteng Noord verteenwoordig in 2001



LI-JUAN ELDORADO
Ons teelhingste neem gereeld deel aan gegradeerde skoue

KOM BESOEK ONS GERUS. ONS IS SENTRAAL GELEË LANGS DIE N4 SNELWEG OOS VAN PRETORIA, NABY BRONKHORSTSPRUIT-
PAUL EN SANDRA BOSMAN




EDEL AMBER
Ons teel perde wat gekenmerk is vir hulle liefde vir mense

# Die Namibperd: Rustig, Kalm en Eerlik

**Deur Martinette Esterhuize**

Die wilde, trotse, vry en ongewone taai Namibperd, wat op sy manier uniek en mooi is, is een van die minder bekende lyne binne die S.A. Boerperdtelersgenootskap. Die eerste Namibperde is in 1987 deur dr. Frans van der Merwe vir navorsingsdoeleindes uit die Namibwoestyn na Onderstepoort gebring.



Volgens navorsing het die Namibperde hulle onstaan gehad in ongeveer 1900. Dit is onduidelik presies hoe hierdie perd ontstaan het. Die een teorie is dat die Duitsers by Garub 'n militere basis gehad het waar hulle baie Europese perde, sowel as perde van Afrika, gebruik het.

Die ander teorie is dat die Namibperd vanaf Baron Hans Heinrich von Wolf se Duwisib-perdestoet afkomstig is. In een van sy geskrifte maak hy melding dat hy in 1912 350 perde gehad het en geteel het met perde van Afrika sowel as Hackney-, Volbloed- en Trakehnerperde. Na die Eerste Wêreldoorlog en sy dood het die perde los en wild geloop. In Julie 2001 was die huidige getalle van die wilde Namibperde tussen Aus en Lüderitz 96 waarvan daar slegs 34 merries was. Dit is ook kenmerkend dat die teelgroepe klein is met tot twee hingste per merrie. Hingstroppe kom ook voor. Weens die ongenaakbare omstandighede, oorleef slegs sowat 40 persent van die vullens.

Die Namibperd word gekenmerk aan sy rustige, kalm en eerlike temperament. Konformasie gewys is die perde gespierd,

atleties, kort in die rug, skuins in die skouer met fyn, droë bene. Onder gunstige toestande groei hulle uit tot 15.2 hh.

Die perde kom net in bruin, donkerbruin, swart en vos voor. Anders as by ander S.A. Boerperdlyne, kom geen wit of skimmelperde voor nie.


Tans is daar 48 suiwer Namibperde by tien telers waarvan tien as S.A. Boerperde gebrand en vier by die Genootskap aangeteken is.

Die grootste groep suiwer Namibperde (19 in totaal) is tans by die Namdes S.A. Boerperdstoet te Vrede. Kruisteling met ander S.A. Boerperdlyne word toegepas met goeie resultate. Die resultaat van hierdie kruising is 'n betroubare, natuurlike mak perd wat vir bykans enige perdedissipline geskik is. Daar is reeds 18 van hierdie perde.





Die unieke genepoel wat die Namibperd bied, kan nog 'n belangrike bydrae maak tot die ontwikkeling van die S. A. Boerperd.


Gekeurde Namibmerries



Pandan Applous: huidige teelhings





Namdes Galant
9 maande oue hingsvul
en toekomstige
teelhings.

**NAMDES STOET -**

**Die tuiste van die mistieke Namibperd.**

**By die stoet word met groot welslae suiwer Namibperde, Boerperde en kruisnamibs geteel. Suiwer Namibs word met SA Boerperde gekruis om te selekteer vir die beste eienskappe in beide. Suiwer Boerperde van hoogstaande gehalte word nog steeds geteel. Namdes perde moet lekker ry, die regte temperament en houding hê en met grasie beweeg.**

**Navrae: Martinette Esterhuizen,**
**Posbus 474 • Vrede 9835**
**Tel: 058 - 841 0505 of 058 - 913 1529**
**of**
**082 511 9864**


# Klinker Stoet
# S.A. Boerperd

Teel uit Lang Carel Stoet



Lang Carel Kristal

Teel en selekteer vir
Temperament
Ryvermoë
Konstitusie op veld
Gehardheid
Werkvermoë



Klinker Amber 3 jaar oue merrie
vanaf winterveld, sonder byvoeding

Jan & Marieta
Badenhorst 3183
Posbus 2
Lüneburg 3183
Tel: 034 995 0036 • Sel: 082 568 5762

## *Die Boere se perde van die Anglo-Boereoorlog*

# Bewondering vir 'n gesogte rydier

**Deur Hedwig Schoonraad en dr. Frans van der Merwe**

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899, het die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Republiek van die Oranje Vrystaat op hul gewone plaas- en dorpsryperde by die kommando's aangesluit.

Dit was hierdie perd, uit eie bodem en afstammeling van die Javaanse ponies waarmee Jan van Riebeeck aan die Kaap begin het, wat die burgerkommando's in staat gestel het om drie jaar lank die stryd vol te hou teen die sterkste wêreldmag van daardie tyd.

Uit die smeltkroes van ingevoerde gene het die eise van klimaat, terrein, wisselende gehalte van veldweiding en harde werk onder die saal en tuig, 'n eie produk voortgebring wat in die agtiende en negentiende eeu beroemd geword het as die Kaapse Perd.

Die Engelse se menings oor die Boere se perde het gaandeweg van minagting in bewondering verander. Dit het gaandeweg duidelik geword dat die honderde duisende perde wat van die VSA, Argentinië, Hongarye, Rusland, Australië, Nieu-Seeland, Kanada en die Britse Eilande vir die Britse leër aangekoop en hierheen verskeep is, nie die mas opgekom het nie en soos vlieë gevrek het. Daarom is die Boere se perde van die plase verwyder, wat ook deel van Kitchener se verskroeide aardebeleid uitgemaak het, of van die Boere op kommando buitgemaak om sodoende die Boere van hul toegewyde diere te vervreem en hulself te versterk.



*Genl. C.R. de Wet met sy gevreedse sambok op sy befaamde wit Boerperd Fleur. Teenoor sy seun Kotie, wat Fleur net vóór die oorlog vir hom aangekoop het, het hy oor die velkleur van die perd opgemerk: "Wil julle my dood soek?" Want die Engelse sou hom maklik op Fleur uitken en doodskiet. Later het hy getuig dat hy vir die Here voortdurend gebid het om tog sy gegroue rydier, net soos vir al sy burgers, te spaar.*

Volgens amptelike Britse rekords het 326073 perde en 51399 muile in Suid-Afrika gedurende die oorlog omgekom. Hierdie syfers dui slegs op diere wat in die amptelike registers aangeteken was en sluit nie die duisende in wat as oorlogsbuit in die hande van die vyand beland het en waarvan na beraming meer as 100 000 ook gevrek het nie.

Die perde wat van die plase verwyder en na

# Michmar

**SA BOERPERD STOET**

Michael van Rensburg • Tel: 058-481 2265 (w) • 058-481 2776 (h)
Sel: 083 269 9292 • Faks: 058-481 5228 • Humansrust • Posbus 269 • Senekal 9600







**TEELBELEID:**

- Temperament
- Rygenot
- Beweging
- Bouvorm
- Gehardheid

*Vyfster eienskappe wat die fynproewer-koper sal behaag. Besoekers altyd welkom.*

gevegte deur die Engelse buit gemaak is, was gesogte rydiere vir die Imperiale magte. Daarenteen was die duisende teelmerries en jong perde dikwels deur die Britse troepe op die plase in krale doodgeskiet of in groot troppe na die Britse kampe geneem waar hulle soms in massas van honger omgekom het.

Die teenwoordigheid van duisende perdekarkasse wat net so op die veld gelaat is om te verrot, het 'n aaklige omgewingsbesoedeling, insluitende drinkwaterbesoedeling, tot gevolg gehad. Die stank van die oorlog het letterlik die land deurtrek.

Voor die oorlog en tydens die belegfase was die Britse owerhede bereid om perde en muile van die Boere in die Kaapkolonie en Natal aan te koop. Gedurende die eerste maande van die oorlog is 18 000 ryperde en 11 700 muile vir die Koloniale troepe in Suid-Afrika só aangeskaf.

Voor die einde van 1900 is 54 200 perde en 18 500 muile in die Kaapkolonie en Basutuland aangekoop wat duidelik bewys het dat noodsaak en die prestasie van die diere in die veld die aanvanklike vooroordele te bowe gekom het. Enkele van die Britse offisiere het so geheg geraak aan die Boer ponies wat hulle deur die oorlog gedra het, dat hulle die perde ná die oorlog saamgeneem het terug na Engeland. Hoewel die ongevalle en verliese aan perde aan Boerekant eweneens ernstig was, was hulle verliese relatief kleiner en is daar talle voorbeelde van perde wat hulle base deur die drie jare van oorlog gedra en ongedeerd afgekom het. Die wit perd Fleur van generaal de Wet was een van diesulkes.

Hoewel die berede burger, gemeet aan Engelse standaarde, 'n ongekunstelde ruiter was, was hulle in die saal so min bewus van perdry as van 'n paar lekker uitgetrapte veldskoene aan die voete. Met die gemaklike pasgang en handgalop is lang afstande kort gemaak. Anders as die gemiddelde Britse infanterietroep, het die burger ruim kennis gehad van die water- en voedingsbehoeftes van sy perd asook van die plaaslike terrein. Die Boer se perd het elke geleendheid wat hy gekry het om te wei, benut en waar sy baas dit kon regkry, het hy ekstra voer be-kom.



*Die Boerperd Colenso se graf en gedenknaald in die dorpsplein van Latimar, Buchinghamshire.*

Inteenstelling met die ingevoerde perde, het die onderhoud van die inheemse perde minder vereis en het deur seleksie oor 'n beter konstitisie beskik. Daarmee saam het hul fyn aanvoeling vir die dravermoë van hul perde voorkom dat die Boere hul perde oorlaai het.

Hoefbeslag en -versorging het vir die Engelse sowel as die Boere groot probleme besorg. Onteenseglik het die Boere se perde, en veral dié van plaaslike oorsprong 'n groot voorsprong bo die Engelse se ingevoerde perde gehad - perde wat ondermeer van die sagtebodems van die Argentynse Pampas en ander wêrelddele gekom het. Die Boere se perde het oor geslagte, deur doelbewuste teling en natuurlike seleksie, by die Suid-Afrikaanse bodemgesteldheid aangepas.

Hulle harde, gesonde hoewe het dit vir hulle moontlik gemaak om, onder 'n verstandige ruiter, sonder hoefysters te werk.

Volgens dr. Arnold Theiler, wat as veearts tot met die val van Pretoria in Junie 1900 saam met die Boeremagte in die veld diensgedoen het, was saalsere een van die vernaamste oorsake van ongesteldheid by die perde. Waarmee hy ook geworstel het, veral gedurende die beleg van die Natalse dorpe, was 'n massiewe uitbreking van oogsere wat deur swerms vlieë veroorsaak is, asook borsluise en brandsiekte

# MEER & MEER
# S.A. BOERPERDSTOET

Ons eerste oogmerk is om mooi perde te hê en as gesinsadtiwiteit te geniet. Die naam Meer en Meer dui op die behoefte om die wil van die Skepper te soek en ons lewens meer en meer daarvolgens in te rig.

Die basis van ons huidige teling bestaan uit nege Lang Carel en vyf Carel Hancke merries. Mens kan nie alleenlik met goeie hingste teel nie - teelmerries is belangriker. Strategies streef ons daarna om 'n trop teelmerries van eenvormige kwaliteit op te bou. Kom kyk gerus hoe twee top bloedlyne kombineer!

By Meer en Meer word geteel om 'n atletiese perd met korrekte bene, hoë top, sterk lende en agterkwart daar te stel, maar ryvermoë en temperament bly die naam van die spel.



*Carel Hancke Shiraz - hings met bouvorm, temperament en 'n hart om jou oorlog toe te vat.*



*Carel Hancke Stouter - tweejaar oue hingsvul*



**P.J. Potgieter • Posbus 49 • Louwsburg 3150 • Tel: (034) 907 5953 • Sel: 082 825 0165**
**E-pos: pietp@vhd.dorea.co.za**

Hoewel die oorlog verwoestende gevolge vir die Suid-Afrikaanse perdestapel gehad het, het daar inderdaad 'n kern van goeie teelmateriaal behoue gebly, waarmee daar, veral in die Kaapkolonie, ná die oorlog voortgeteel kon word.

## Stories oor perde

**Colenso:** *Hedwig Schoonraad*

Majoor-genl. Chesham was so beïndruk met die dapperheid van die perd Colenso, waarop genl. De Villebois-Mareuil die Buitelandse Legioen vir die Boere op Boshoff (5 April 1900) aangevoer het en waarin die generaal nootlottig deur 'n opslagkoeël getref is en Colenso verwond is, dat hy die perd as aandenking saamgeneem het na sy tuiste in Engeland. Met sy afsterwe in 1911 is Colenso, of te wel Villebois, met volle militêre eerbewys begrawe. Sy graf en monument is in die dorpsplein van Latimar in Buchinghamshire.

**Vulletjie:** *J.R.Bührmann*

'n Groepie boere is onverwags oorval deur die vyand op die plaas Klipfontein (Ermelo), van K.P. "Veldkornet" Steenkamp. Die nood om te vlug was so groot dat enige ryperd gegryp en mee weggejaag is. J.R.Bührmann (die oupa van J. R. Bührmann) het in dié harwar op Vulletjie, K.P. Steenkamp se agterryer se perd, te lande gekom en na veiligheid gevlug. Karel en Willem de Jager was egter nie so gelukkig nie en is gevang. Die Bührmanns kon van Vulletjie se nageslag bekom en is tans deel van hul kudde op De Emigratie.

**Barkley:** *Lourens Badenhorst*

'n Perd wat nie van sy baas geskei wou wees as daar gevaar dreig nie, was die sweetvos Barkley van Louwrens Badenhorst (die oupa van Lourens en Jan Badenhorst), assistent-veldkornet onder generaal Coen Brits. Sy baas kon van hom af skiet, afspring of die teuels los en voor hom uithardloop. Hy sou doodstil staan en wei totdat sy ruiter terugkom.

In die distrik Volksrust moes hy 'n slag agterbly nadat hy in 'n skerp voorwerp getrap het. Daar is sy poot in 'n stal op die plaas Glen Fillin deur Dinie en Annie Uys gedokter. Die vyand was aan die opruk. Barkley het die geweerknetter en kanongebulder gehoor en onrustig in die stal rondgetrap en gerunnik. Op kleingeweerafstand van die werf af het die vrouens besluit om die staldeur oop te gooi sodat hy kon vlug voordat hy in die hande van die vyand val. Toe hulle nader staan, sien hulle hoe die perd deur 'n baie nou venstertjie van die stal spring. En daar trek hy runnik-runnik reguit in die rigting waar die geweerskote gehoor kon word, dwarsdeur die vyandelike linies en dieselfde middag was hy tussen die Boerekommando's en by sy baas.

**Bührmann-perd:** *J.R. Bührmann*

Ten tyde van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het die regering perde van boere bekom om diens te doen in die weermag. Nadat die stryd teen die Duitsers in Duits-Wes-Afrika (Namibië) suksesvol afgehandel is, is die berede magte na Duits-Oos-Afrika (Tanzanië) om die Duitse magte ook daar te verdryf. Slegs twee perde kon ná hul tog deur Afrika heelhuids terugkeer na die Unie, waarvan een 'n Bührmann-perd van De Emigratie was.


**Slang:** *Lourens Badenhorst*

Boere van Vryheid het "sibiba", 'n slanggif, as teenmiddel teen slangbyte gebruik en as dit nie beskikbaar was nie, was pappe van gebluste kalk net so doeltreffend. Daarmee het kolonel Lourens Badenhorst (die oupa van Lourens en Jan Badenhorst) 'n perdevul deurgehaal. Die vul is eers 'n dosis paraffien ingejaag. Langs die neusgate, waar die slangbyte te sien was, is kerfies gesny en die pappe opgesit. Elke keer as die pap droog geword het, is dit met vars pappe vervang. En dit was nie lank nie of die vul het regop gestaan en begin suip. Vanselfsprekend het hy die naam Slang gekry.

In die Rebellie was kolonel Badenhorst 'n offisier in die Unie-verdedigingsmag. Van Virginia af het hy aan sy vrou geskryf: "Ons het nou eers 'n bietjie tot stilstand gekom nadat ons 36 uur in die saal was. Glo my Slang is sommer 'n perd honderd. Wit van die pekel, sonder om die saal een keer van sy rug af te haal, is hy nog lewendig, wakker en vol nukke. Geen geld sal hom ooit van my koop nie. Ek het alreeds 'n aanbod van R100 vir hom gekry."

# Boerperd-entoesiaste herdenk die Tweede Vryheidsoorlog

Die Boer, sy roer en sy perd was tydens die Anglo-Boereoorlog onafskeidbaar. Saam het hulle 'n enorme impak op die verloop van die oorlog gehad. Hoewel die Boere teen 'n geweldige oormag moes veg, het hy in groot mate staande gebly hoofsaaklik a.g.v. sy eie deursettingsvermoë - en sy perd. Die Boerperd het soos die Boerevegter legendes geword. Soos die Britte as oorlogsbeleid die Boere se vrouens en kinders in konsentrasiekampe aangehou en hul plase vernietig en afgebrand het, het hulle ook waar hulle kon die Boere se perde doodgeskiet. Hierdie slagting was nie net beperk tot perde nie, maar beeste en skape, en selfs honde is voor die voet van kant gemaak. Na beraming is meer as 100 000 Boerperde in die Anglo-Boereoorlog deur die Britte doodgeskiet. Hierdie enorme slagting het uiteraard 'n geweldige negatiewe invloed gehad op die ontwikkeling van die Boerperd deurdat sy genepoel in groot mate vernietig is.










Die Boere se perde het 'n dramatiese verskil aan die verloop van die Anglo-Boereoorlog gemaak. Boerperd-entoesiaste het ten tyde van die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog met die nasate van hierdie edel diere hulde gebring aan die mans, vroue en kinders en ook aan hul ry- en trekperde wat by hierdie oorlog betrokke was.

Dit is 'n onbegonne taak om verslag te doen oor al die herdenkingsritte waarby S.A. Boerperde betrokke was. Hier volg net 'n paar sulke geleendhede waarby S.A. Boerperde betrokke was. - *Die Redakteur*

## HERDENKINGSRIT VIR GENL. DE VILLEBOIS-MAREUIL - 6 JUNIE 1999

Die Genootskap is deur die Franse Departemant van die Natalse Technikon uitgenooi om saam hulde te bring aan genl. G.H.A.V. de Villebois-Mareuil, die "Franse Kolonel" of "Wille Boer", soos daar ook na hom verwys is, en sy perd Colenso. Hy het die Buitelandse Magte vir die Boere aangevoer en het die rang van veggeneraal beklee. Genl. De Villebois het ook die hoogste prys vir die Boeresaak betaal toe hy tydens 'n botsing met Lord Methuen se magte naby Boshoff deur 'n opslag koeël gedood is.



*Ronnie van Rensburg op sy perd Lekkerkry Aliwal ten tyde van die gedenkingsgrit vir genl. De Villerbois-Mareuil.*

Lord Chesham was so beïndruk met dié Fransman se dapperheid, dat hy sy perd Colenso as aandenking saamgeneem het na Engeland. Colenso het nog 11 jaar geleef en is ná sy afsterwe met volle militêre eerbewys begrawe. Sy graf en gedenkteken is te sien in die dorpsplein van Latimer, net buite London.

Die herdenkingsrit het plaasgevind by die monument van die Imperiale Prins, Louis Napoleon, te uQweqwe in Noord-KwaZulu-Natal. Dit is o.a. bygewoon deur die Franse Ambassadeur en regeringslui van KwaZulu-Natal. Ses skougehalte S.A. Boerperde het deelgeneem en die vlae van die Franse, ZAR en Vrystaatrepubliek het kleur aan die geleendheid verleen. Buiten vir 'n kort optog het die ruiters die geleendheid gehad om onder luide toejuiging hul perde een vir een aan die toeskouers te vertoon.

*Hedwig Schoonraad*

## DIE INVAL IN NATAL - 26 SEPTEMBER 1999

Die Volksrust-Perdryklub (onder leiding van John Horn) het in samewerking met die Amajuba, Newcastle en Wakkerstroom Publiteits- en Toerismeverenigings 'n drie dae perderit gereël om die inval van Natal deur die Boeremagte en die begin van die Tweede Vryheidsoorlog 'n eeu gelede te herdenk.

Tussen 1 en 12 Oktober 1899 het genl. Piet Joubert en 15 000 man by Sandspruit, Volksrust-distrik, byeengekom. Op 13, 14 en 15 Oktober het hy hulle in Natal gelei en Newcastle beset. Hierdie roete het hulle al langs die veldslae van die Eerste Vryheidsoorlog, soos Majuba, Laiingnek en Schuinshoogte geneem.

Op 26 September 1999 het 'n Boere-kommando van 75 perde vanaf Volksrust-skougronde vertrek om dieselfde roete en inval te herleef en daardeur hulde aan die oorlog in geheel te bring. By Volksruststad-saal is 'n kort herdenkingsdiens gehou. Van daar is genl. Piet Joubert se invalsroete gevolg om die eerste aand oor te bly op die Majuba-gedenkplaas aan die voet van die bekende



# MAHASHI

## SA BOERPERD

Theunis Pretorius


Ermelo

Tel: 017 - 819 4890

Sel: 082 493 7063

# DIE PERD VAN DIE VERLEDE VIR DIE TOEKOMS

Mahashi L'Orage
Gebore 17-10-98 16,0 hh



Ons teel kwaliteit en temperament vir die plaas, sportveld en skouring



*Die Boerekommando kom bySignal Hill, Newcastle aan.*

berg. Die volgende dag is die roete om die noordelike kant van die berg gevolg, af met Laiingnek, tot by die 1881 Britse kampterrein en begraafplaas. Ingogo het as tweede oornagpunt gedien.

Die kommando het vandaar met die Ou Ysterbrug oor die Harte- en Ingogorivier na die Schuinshoogteslagveld (1881) vertrek. De Wet's Hoop (een van genl. Christiaan de Wet se plase) is besoek en daarna is die roete oor Signal Hill met die Ou Kanonpad gevolg tot buite Newcastle, waar kooigoed oopgerol is. Die volgende dag is Newcastle deur die ruitery "binnegeval" onder begeleiding van 'n koperblaasorkes en is "besit geneem" van die stadsaal. Elf S.A. Boerperde het hierdie geskiedkundige tog meegemaak.

*John Horn*

## Ermelo-herdenkingsrit - 11 Oktober 1999

Om te deel in die herdenking van die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog het die skole van Ermelo, tesame met die gemeenskap, 'n optog deur die strate van Ermelo gehou. 'n Agtspan-ossewa het die optog gelei, gevolg deur 'n perde kommando van nagenoeg 30 perde. Die meeste hiervan was gebrande S.A. Boerperde en 'n paar uitheemse perde - seker van die Engelse afgevat!

Ná die optog, met die Ermelo Hoërskoolmarsorkes wat die pas aangegee het, het die verrigtinge voortgegaan op die EHS-terrein. Hier het leerlinge liedere uit die vroeë tyd gesing waarna almal vermaak is met 'n opvoering oor die Anglo-Boereoorlog. Die verrigtinge is afgesluit met perdesport.



*Ruiters by die Ermelo-herdenkingsrit.*

Hoewel die teikengroep die skoolliere en gemeenskap was, is daar ook hulde gebring aan die Boerperd wat 'n reuse bydrae gelewer het in die verloop van die oorlog - veral die sukses wat tydens die guerilla-fase behaal is.

*Lana Jacobsz*

## ZARP-gedenkrit - 27 Mei 2000

Op 27 Mei 2000 het vier berede S.A. Boerperde, in die univorms van die Zuid-Afrikaanse Republiekse Polisie (ZARP) vir "pres. Paul Kruger" vanaf die Krugermuseum na die Ou Raadsaal op Kerkplein in Pretoria vergesel. Die optog is gelei deur S.A. Boerperde gevolg deur die presidensiële koets en daarna die berede polisie.

# Verkenner

## SA Boerperd Stoet

**Daan Kotzé**
**Posbus 80**
**Faerie Glen**
**Pretoria**
**0043**

DIE PERD UIT DIE VERLEDE VIR DIE TOEKOMS

**Dawid v/d Linde**
**Ventura**
**Posbus 61**
**Standerton**
**2430**


**Tel: 012 991 3833**
**Sel: 082 372 5782**
**Faks: 011 390 1213**

**Sel: 082 652 4684**





*Hingste in gebruik: Vyfhoek Beslis en Lang Carel*
*Harmonie op Lang Carel, Calela, Hancke en A2 Merries.*



*Hermann Bürmann, Bernard du Plessis en Riaan Oberholzer ten tyde van die ZARP-gedenkrit.*

By die Ou Raadsaal is 'n tablo opgevoer ter herdenking van die laaste sitting van die ZAR-Volksraad op 7 Mei 1900. Dié verrigtinge het sowat drie ure geduur waarna die optog weer in dieselfde volgorde terugbeweeg het na die Krugermuseum.

Dit was vir Hermann Bührmann, Barend du Plessis, Riaan Oberholzer en Kobus Kemp voorwaar 'n eer om met hul skougehalte S. A. Boerperde hierdie rit te kon meemaak.


*Hermann Bührmann*

## Optog deur Pretoria na die Britse Konsulaat - 5 Junie 2000

Hierdie rit is gedurende 1999 deur die Raad van die S.A. Boerperdgenootskap beplan, onder leiding van Daan Kotzee. Die doel was om nie net die Tweede Vryheidsoorlog te herdenk nie, maar om klem te plaas op dié perd van die oorlog, nl. die Boerperd wat onder skreiende omstandighede vir die duur van die oorlog moes probeer oorleef. Die doelwit van die rit was om 'n versoek aan Haar Majesteit, die Britse Koningin, te rig om 'n ruim bydra te maak vir 'n standbeeld, wat deur die Genootskap opgerig sal word om die Boerperd te vereer. Hierdie versoek sou by die Britse Konsulaat oorhandig word. Die datum van aflewering sou ooreenstem met die inval van Pretoria deur die Britse magte, 'n eeu gelede.

Ongeveer 55 ruiters en belangstellendes het reeds vanaf Saterdag, 3 Junie 2000, by die Pretoriase Skougronde byeengekom vir plesierige samesyn om kampvure. Maandagoggend om 9:40 is die Boerekommando onder begeleiding van die Pretoriase Verkeersafdeling en SAPD vanaf die Skougronde via Kerkstraat in 'n oostelike rigting na Kerkplein, waar hulde aan die ZAR se president Paul Kruger gebring is. Hubert Lens op sy hings Pivaanswaterval Oubaas het die kommando gelei, gevolg deur Theuns Pretorius op Mahashi Le Noël, Daan Kotzee op Li-Juan Expert, en Michiel Burger op Burgerstrots Kanon. Die derde linie is opgemaak deur die ZARPS onder leiding van kol. Salie Kriel, gevolg deur die res van die kommando wat uit senior burgers, penkoppe en agterryers bestaan het.


Die dames wat die rit meegemaak het, was tradisioneel geklee en het met sysaals gery, met spesiale verwysing na Lomon



*'n Deel van die optog van perde na die Britse Hoë Kommissaris in Pretoria.*

Terreblanche se moeder, Tant Stienie Terreblanche (65) op haar perd Roemryk Fleur. Bevele is uitgeroep deur kol. Salie Kriel van die ZARPS terwyl Willie le Roux, Lomon Terreblanche en Jannie Jacobsz die kommando begelei het.

Vanaf Kerkplein is die roete ooswaarts via Vermeulenstraat oor die Uniegeboue gevolg waar daar vir 'n wyle vertoef is. Van hier is na die hekke van die Britse Hoë Kommissaris in Prospectstraat gery, vir ons afspraak met die Vise-Hoë Kommissaris.


Roemryk Stoet
Tradisionele A2 Bloedlyn
Ons teel ryperde wat wen, tuigperde met spoed en aksie, plesierperde met 'n strykgang.
Ons teel geharde perde met baie goeie temperament en ryvermoë.
Ons perde presteer as kinderperde, plesierperde, skouperde, sportperde en plaasperde.
Onthou dis net 'n Roemryk perd as dit die RR-Brand dra!
Kom besoek ons gerus by Tweespruit • Edenville
Lomon + Rina-Marie Terreblanche
Sel: 082 405 9762

Die ontmoeting was gemoedelik en Daan Kotzee het die Vise-Hoë Kommissaris te woord gestaan, sy vrae beantwoord en die skrywe oorhandig. Hierna het die groep via Park- en Visagiestraat terug beweeg na die Skougronde.

Beide die media en algemene publiek het groot belangstelling in die kommando getoon. Die verkeersafdeling, SAPD en mnr. Roelf Buitendag van die Pretoriase Skougronde het 'n reuse aandeel in die sukses van die optog gehad. Al ons dank.

Hoewel die stilswye van die Britse Koningshuis teleurstellend was, was dit uit die aard van ons geskiedenis geen verrassing nie.



*Die 7-jarige Carli Terreblanche by die Terreblanche-familie se herdenking van die Anglo-Boereoorlog.*

Die perd wat deur die Britse verskroeide-aarde-beleid geteiken was, is nie uitgewis nie, maar floreer vandag. Danksy 'n handjievol getroue telers uit die verlede, kan ons die S.A. Boerperd tans in sy volle spektrum geniet. Die gedagte rondom 'n standbeeld bly nog lewendig, asook 'n gedenkrit op 31 Mei 2002 na Melrose-huis.

Die rit is finansieel ondersteun deur die Genootskap asook deur lede en nie-lede wat die gedagte goedgesind was. Ons bly dankbaar.

*Daan Kotzee*

## Herdenkingsritte in die Riemland

Vir ons Noord-Vrystaters, veral hier in die Riemland, lê die geskiedenis van die Boerperd ons baie na aan die hart. Met die eeufeesherdenking van die Anglo-Boereoorlog het die geleendheid hom voorgedoen om hulde te bring aan ons perde en ons voorvaders wat daaraan deelgeneem het.

Ons het aan verskeie van hierdie geleenthede deelgeneem om ons moderne S.A. Boerperd bekend te stel, asook die rol wat hy in die geskiedenis van ons volk gespeel het.

Ons as familie, met ons tradisionele drag en vyftien gebrande S.A. Boerperde wat almal 'n gemaklike strykgang stap, het oral positiewe reaksie en navrae uitgelok.

Ouma Stienie (65 jaar) met haar geskiedkundige uitrusting en sysaal wat vanaf 1860 in die Terreblanche-familie is, het menige kamera's laat flits.

Die volgende ritte is deur ons meegemaak:

- 8 Oktober 1999 te Kroonstad.
- 11 Oktober 1999 te Pretoria. 'n Kommando van 230 perde het deelgeneem, waarvan 40 S.A. Boerperde was.
- 16 Oktober 1999 te Heilbron. 40 perde het deelgeneem waarvan 15 S.A. Boerperde was.
- 23 Oktober 1999 te Hooggelegen.
- 6 Junie 2000 te Pretoria. 'n Optog na die Britse Konsulaat is onderneem. Tien Roemryk perde het deelgeneem.
- 14 Oktober 2000 vanaf Heilbron na Vegkop. Vyftig perde het die rit meegemaak waarvan 15 Roemryk S.A. Boerperde was.
- November 2000 te Edenville. Slegs die Terreblanche-familie het deelgeneem.


*Lomon, Rina-Marie en die Terreblanche-familie*

# Keuringstelsel: Wanneer is 'n Boerperd 'n S.A. Boerperd?

**Deur Carel Jacobsz**

Die hoefyster met die "B" binne-in (B), is die geregistreerde handels-merk ten gunste van die S.A. Boerperdtelersgenootskap. Indien 'n perd gebrand is met hierdie "Boerperdbrand" op die regterboud, is dit 'n geregistreerde S.A. Boerperd met die nodige dokumente of sertifikate ter stawing daarvan. Rekords daarvan sal beskikbaar wees by:

1. Die teler of huidige eienaar.
2. Die Genootskap se Kantoor.
3. S.A. Stamboekvereniging (reun- en Basisperde uitgesluit).



*Carel Jacobsz in kommandodrag.*

Keuring begin in effek die dag as die vul gebore word. Elke teler het 'n ideaal van die volmaakte perd en daarvolgens beplan 'n teler sy parings met sy beskikbare teelmateriaal. Ons as telers wag met belangstelling en nuuskierige hoop op die geboorte van elke jaar se vul-oes en die groei van die vullens die eerste paar maande word belangstellend dopgehou. In hierdie eerste maande van die vul se lewe vorm die teler sy opinie van elke vul en dis hoekom ek sê keuring (of seleksie) begin eintlik by die vul se geboorte.

"Set your goal high! You may not reach it, but you'll put on muscle climbing towards it . . ."

Omdat die S.A. Boerperdtelersgenootskap uit baie telers bestaan (elk met sy eie ideaal), wat teel uit verskillende bloedlyne en wat binne die ras fenotipies verskil, is dit nodig dat 'n "ideale Boerperd" aan die lede voorgehou word. Die strewe van elke teler behoort dáárdie Boerperd te wees. Om hierdie rede bestaan daar rasstandaarde van die S.A. Boerperd waaraan die afgelope 28 jaar voordurend aandag gegee word.

Dit is my oorwoë mening dat die een enkele rede vir die sukses van die S.A. Boerperd, die laaste 28 jaar, die feit is dat ons 'n unieke keuringstelsel toepas in ons genootskap. Die rasstandaarde van die S.A. Boerperd word tydens keuring toegepas deur keurders wat deur die Raad van die Genootskap aangestel is nadat hulle die nodige kwalifikasies behaal het. Keuring behels dat aangetekende perde aan 'n minimum standaard moet voldoen voordat hulle aanvaar kan word as teelmateriaal.

As 'n vul gebore word, word 'n vulpapier vir elke vul uitgeskryf waarin alle besonderhede van só 'n vul aangeteken word, tewete geboortedatum, geslag, naam van die vul, stoetery se naam, vaar en moer se naam en registrasienommers, beskrywing van kleurmerke, asook 'n tatoëernommer wat toegeken word vir identifikasiedoeleindes. 'n Afskrif van hierdie besonderhede word na die kantoor van die genootskap gestuur vir rekorddoeleindes.

Voordat die vul 12 maande oud is, moet die toegekende nommer op die vul se boonste tandvleis getatoëer of as 'n brandmerk aangebring word. Dis 'n numeriese nommer bestaande uit die teler se stoetnommer en die vul se nommer, beginnende by 1, bv. 10 - 1.

Indien 'n perd twee en 'n half jaar oud is, word daar aansoek gedoen by die genootskap dat keurders 'n teler se perd of perde kan keur. Gewoonlik sal 'n teler self die diere wat by hom nie op standaard is nie uitskot alvorens die keurders hom besoek. Die kennis om hierdie besluite te neem, word bekom op bouvorm- en ander kursusse wat van tyd

tot tyd deur die genootskap aangebied word. Sodoende bly telers op hoogte van die rasstandaarde soos deur die genootskap bepaal.

Keurders besoek die telers gewoonlik in Februarie of Maart van elke jaar. Keurders sal hulself vergewis dat die perd se beskrywing op die vulpapier ooreenstem met dié van die perd voor hom en dat die tatoëernommer korrek is. Daarna word die perd volgens die onderafdelings van die rasstandaard gekeur. Indien goedgekeur, kry die perd dadelik die (B) brand op die regterboud.

Die minimum vereistes volgens 'n standaard puntestaat is onlangs verhoog en daarvolgens moet hingste 75% en merries en reuns 65% behaal om gebrand en geregistreer te word as S.A. Boerperde. Daar word op die volgende onderafdelings gelet, nl.

Algemene vorkoms, kop, nek, voorlyf, voorbene, middelstuk, agterkwart, agterbene, hoewe, beweging.

Elke afdeling tel uit 100 met 'n minimum vir elke onderafdeling. Indien 'n perd minder as die minimum in 'n enkele afdeling kry, word só 'n perd afgekeur. Afhangend van die perd se ouderdom en of dit sy eerste keuring is, kan só 'n perd oorstaan om die volgende jaar weer voor keuring te kom. Die moontlikheid is daar dat só 'n perd op 'n meer volwasse stadium die gewenste standaard sal behaal.

Die temperament word ook so ver moontlik geëvalueer tydens die keuring van elke perd. Verder moet die eksterne geslagsorgane van hingste ook besigtig word.

Die keurders het 'n groot verantwoordelikheid teenoor die telers en teenoor die suksesvolle voortbestaan van die S.A. Boerperd.

Graag bedank ons ons keurders vir die diens wat hulle lewer in hul eie tyd.

FYNBOS-STOETERY

KINDERPERDE
PLESIERRIT PERDE
SPOG PERDE
TEELPERDE
VEELDOELPERDE!



Een van die
min telers
in die Kaap.



SA BOERPERD





Stoetery saamgestel uit De Emigratie-
Bonstaan- en Lang Carel- bloedlyne

Kom kyk gerus na ons perde se
kwaliteit en temperament

Tielman & Lientjie Roos
Posbus 16, Riversdal (Suid-Kaap)

Tel: (028) 713 2020
Sel: 083 261 6630



# Cal

Sê dit

## Ons teel vir Kwaliteit, Tem







**Kontak:**

| | |
|---|---|
| **Jannie Jacobsz** | **082 820 4706** |
| **Carel Jacobsz** | **082 825 8887** |
| **Martie Jacobsz** | **017 629 3204** |
| | **017 029 3207** |

ela

alles !

# perament en veelsydigheid









**Posbus 5**
**Davel 2320**
**of**
**Posbus 155**
**Ermelo 2350**

# Lang Ca

## Jan van der Wath & Kie • Tel:



**L.C. Jongleur**
**Eienaars: J.G. v.d. Wath en F.J. v.d. Merwe**
**Afgerig deur H. Schoonraad**
**1999 S.A. Kampioen Universele**
**3-gang Ryperd. Goue Meriete Dresseerperd**
**vir 5de plek behaal op 1998 S.A.**
**Dresseerkampioenskappe te Pietermaritzburg**



**L.C.Kristal**
**Vaar van Lang Carel Rakker**
**Afgerig en vertoon deur Sonja Smuts**
**Eienaar: Jan en Marieta Badenhorst**



**L.C.Rakker**
**S.A. Junior Kampioen Hings 2001**
**Mede eienaar Sonja Smuts**




**L.C.Basta**
**Voormalige 3-gang en enkeltuig kampioen**

***Lid van Trans-Natal***
***Teelgroepskema***

# arel Stoet


## 034 - 922 1862 of 082 331 6941




**L.C. Gelofte**
**Eienaar: F.J v.d. Merwe &**
**J.M v.d. Merwe**
**S.A. 3-gang Kampioen 1993**
**Afgerig en vertoon deur**
**Carol-Ann Paterson**



**L.C. Kokkewiet**
**S.A. Enkeltuig en 3-gang Kampioen 1997**
**S.A. Reserwe Enkeltuig Kampioen 2001**



**L.C. Dot**
**Reserwe S.A. Driegang Kampioen 1991**
**S.A. Vyfgang Kampioen 1993**
**S.A. Vyfgang Kampioen 1997**



**L.C. Jurist**
**Eienaars: Tarnia Barnard & Laurens Badenhorst**
**Ruiter Tarnia Barnard**
**S.A. Kampioen hings 1999+2001**
**S.A. Kampioen Enkeltuig 1999-2001**
**S.A. 5-gang Kampioen 1999**
**Reserwe Kampioen 2001**

# Vlampies

## BOERPERD STOET






**Rekords vanaf 1948**
**Bekend vir goeie:**

- Beweging
- Temperament
- Uithouvermoë
- Gehardheid
- Ryvermoë
- Kwaliteit



Diederik Cloete
Tel: 082-9626476 of
082-5781583



# The Boerperd and DNA profiling

**By E Harris**

According to fossil records, the ancestry of the horse can be traced back as far as 75 million years ago. It has been, however, only during the past few thousand years that man has intervened through domestication and selection in breeding programmes to develop this magnificent animal into breeds with particular characteristics. Certainly one of the main objectives of breeders and breed-societies is to preserve breeds and breed characteristics. What they are actually aiming at is to preserve the DNA (the genetic make-up or genotype) of a particular breed or animal.

But what is this DNA, how does it affect an animal and what is its importance in breeding? DNA is the abbreviation for deoxyribonucleic acid, the molecules of which are some of the largest in our bodies as in all mammals including that of the horse. It is in this DNA that our genes lie and the genetic code is locked in. The code determines our phenotypic characteristics, in other words the way we look and perform. In addition, it determines many other things, such as our susceptibility to disease and that of our children.

The code is specified by the sequence in which the building blocks of DNA are arranged. These building blocks are interlinked and called nucleotides. This means that each animal has a unique DNA profile that distinguishes it from any other - even its siblings - but even more important is the fact that each profile is a combination of the two parental profiles.

The genotype of a horse is also passed on to its offspring in a Mendelian fashion, which means that 50% of the foal's DNA originates from the mare and the other 50% from the stallion. This enables a DNA laboratory to establish parentage very accurately for horses.

When you want to confirm parentage in horses, you don't have to rely on what the foal looks like or on guessing. The traditional way to determine parentage is by looking at the blood groups but newly developed DNA technology now offers a method of comparing the DNA profiles of the offspring with the possible parents.

DNA technology is a powerful instrument in the identification of individual animals. The applications are many and varied but the most commonly employed are in parentage determination and forensics. The automated system used gives highly accurate results that are transferred to a database.

Each animal needs only be tested once. The profile is then stored on a database and remains accessible for future reference purposes. The information can, for instance, be used for verification of future offspring, for registration purposes or for the identification of individual animals in cases of theft. This DNA technology is accepted by the courts and has led to many convictions of stock thieves.

The test can be performed on any tissue - blood, hair roots, semen and meat but usually blood or hairs roots are the most convenient for the owners. If the test is performed on hair samples, no veterinarian is needed to take a sample. Simply pluck 20 to 30 hairs - just make sure that you can see the hair roots - and place them in an envelope marked with the name or registration number of the animal. It is a good idea to staple the hair sample to a piece of cardboard with the name of the horse before placing it in the envelope. It is important that the hair samples of different animals are not mixed.

DNA testing for horse parentage was introduced in South Africa in 1997. Since then the number of requests for the tests has risen significantly. Parentage determination has always been a requirement for registration purposes but it is also vital that parentage is established in breed management systems. The results are evidence of the importance for these tests.

For further information please contact: Liz Harris / Karen Botha at the Animal Improvement Institute, tel : 012-672-9215, fax: 012-672-9214 or e-mail: Liz@iapi.agric.za

# Pandan S.A. Boerperde

***Bloedlyne diep gewortel in tradisie gefokus op die toekoms***

*Aktiewe Bloedlyne in Stoet:*


- *Suiwer A2 (Smuts)*
- *Cloete (Lang Carel)*
- *A2 x Cloete*



*Pandan Belani - 4jr*
*Reserwe Kampioen*
*Kinders onder 14 jaar*
*"Horse of the Year 2001"*


*Ons selekteer vir die volgende:*

- *Elegante atletiese gebalanseerde bouvorm*
- *Kalm gewillige temperament*
- *Grasieuse korrekte groot beweging*
- *Hoë graad van rybaarheid*



*Lang Carel Rakker*
*Stoet Hings - 3jr*
*Internasionale Pretoria Skou 2001 Junior Kampioen Hings*

*Alle teelmerries word geselekteer op individuele korrektheid in konformasie, beweging sowel as rybaarheid*



*Lekkerkry Bobby - Stoet Hings*
*Lekkerkry Bobby, hierdie stoethings het 'n groot bydrae gelewer tot die bekenheid van Pandan stoet agv sy talle uitmuntende prestasies in sy teling, die skouring sowel as dresserbaan.*



*Besoekers Welkom*

*Roemryk Cora - 5jr*
*Standerton 2001*
*- Kampioen in hand*
*- Kampioen onder saal*
*- Victrix Ludorm*
*Streeks Kampioen Ermelo 2001*
*Groot Kampioen in hand en Reserwe Kampioen onder saal*
*Internasionale Skou Pretoria 2001*
*SA Groot Kampioen Merrie*

*Sukses: Vat 'n droom, determinasie en werk om 'n doelwit te bereik . . . en 'n perd met die hart en talent om jou daar te kry. Pandan S.A. Boerperde.*

*Lewis & Sonja Smuts • Paulpietersburg*
*Tel: 034 995 0104 • Sel: 082 342 4610*

# Merietestelsel 'n beloning vir teler, perd en ruiter

**Deur Hedwig Schoonraad**

Dit is vir die S. A. Boerperdtelersgenootskap 'n voorreg om die perde wat uitsonderlike en volgehoue prestasies lewer, te identifiseer en te beloon. Daardeur word nie net erkenning aan talent verleen nie, maar word die pligsgetrouheid van die eienaar, afrigter en ruiter vereer. Hierdie perde is ons vertoonvenster na buite. Hulle wakker die belangstelling in ons ras aan en stimmuleer die mark sodat alle telers uiteindelik daarby baat.

Die Genootskap beskik oor twee meriete stelsels, nl:

1. Meriete stelsel vir prestasie binne die Genootskap se Kampioenskapskoue.
2. Meriete stelsel vir prestasie buite die Genootskap se Kampioenskapskoue.

## Meriete stelsel vir prestasie binne die genootskap se kampioenskapskoue

Hierdie stelsel is van toepassing op alle Nasionale en Streekskampioenskappe soos deur die Genootskap aangebied. Tans word daar elke alternatiewe jaar 'n Nasionale Kampioenskap te Pretoria Internasionale Skou (einde Augustus) aangebied. Elke ander jaar word 'n streekskampioenskap te Pretoria gehou. Die Mpumalanga Streekskampioenskappe word jaarliks in April op Ermelo aangebied, die Vrystaatse Streekskampioenskappe (einde September) die afgelope twee jaar op Senekal en die Gautengse Streekskampioenskappe val saam met "The Horse of the Year Show" by The Horse Society se skougronde te Kayalami (Februarie).

Standaardvorms vir meriete aansoeke word deur die Genootskap se kantoor beskikbaar gestel en slegs op die eienaar van die perd se aandrang. Plasings in alle klasse en kampioen- en reserwe kampioenskapsklasse verdien punte. Hierdie inligting word deur die eienaar self aangeteken. Onderskeid word getref tussen Nasionale en Streekskampioenskappe, met e.g. wat meer punte verdien, asook



*Goue Meriete ryperd: Carel Hancke Sweep met Driekie Hancke in die saal.*

tussen bouvorm- en rylasse. Eersgenoemde dra weer eens meer gewig. Dresseerklasse geniet dieselfde status as gewone ryklasse. Victor Ludorm verdien die meeste punte.

Wanneer 'n perd die voorgeskrewe puntetotaal bekom het, kan hy aansoek doen vir 'n brons, silwer of goue meriete-toekenning. Soos wat die punte vermeerder, word vir die opvolgende toekenning aansoek gedoen. Hierdie toekennings vind plaas tydens twee spoggeleendhede op die Genootskap se kalender, nl. die Algemene Jaarvergadering en die dinee wat jaarliks tydens die Pretoriaskou aangebied word. Aansoek om meriete bly egter die eienaar van die perd se verantwoordelikheid. Die Kantoor help net met die kontrolering en prosessering van die aansoek.

# *PIVAANSWATERVAL*

# *S.A. Boerperd Stoet*



**Tuiste van die Bewegers.**
**Geteel uit A2 Bloedlyn.**
**Verskeie 5 Gang Kampioenskappe op skoue verower.**


**Navrae Welkom**




**Hubert Lens**
**Posbus 81 • Utrecht**
**Kwazulu-Natal 2980**


**Tel: 034 - 331 4375 / 083 345 4304**

# HAT S.A. BOERPERDE



3de 2001 SA Nuweling 5 Gang Klas
• 2de 2001 SA Sjampanje Klas

**Navrae: Riek & Anel Truter • Welgevonden**
**Tel: 034 331 4242 • Sel: 083 447 4175**
**Posbus 103 • Utrecht 2980**



HAT PRESIDENT (2½ Jaar Oud)

**TEELBELEID:**
**Konstitusie**
**5 Gange**
**Rygemak**
**Temperament**

***Hier in die berge word harde A2 werksperde geteel***

Die bestaande binne-skou meriete-stelsel kan van tyd tot tyd aangepas word om aan die veranderde behoeftes te voldoen.

**Meriete stelsel vir prestasie buite die Genootskap se Kampioenskapskoue**

Danksy die veelsydigheid van die S.A. Boerperd neem ons perde aan 'n verskeidenheid sportsoorte deel wat nie deur die Genootskap geakkommodeer word nie. Hierdie perde behoort ook aan georganiseerde sportliggame, soos bv. South African Equestrian Federation (SANEF), en hul eienaars ontsien geen kostes en moeite om hul doelwitte te bereik nie. Op hierdie wyse word ons perde wyd geadverteer en kry ons ras die geleendheid om op meriete teen ander perderasse mee te ding. Dit gee aan ons 'n meer objektiewe aanduiding van die vermoeëns en vordering binne ons ras. Enige prestasie op hierdie byeenkomste gee 'n hupstoot aan die bemarking van die S.A. Boerperd. Vir die Genootskap is dit dus 'n voorreg om hierdie Boerperde te beloon vir die mylpale deur hulle behaal.

Hierdie merietestelsel maak voorsiening vir SANEF dresseer-, skou- en skouspringklasse waarvolgens brons, silwer en goue meriete toegekennings toegeken word. In hierdie geval is dit ook die eienaar van die perd se verantwoordelikheid om die prestasie aan die Kantoor te meld, tesame met skriftelike bewyse van die betrokke sportliggaam om dit te beaam. 'n Hele aantal toekennings is reeds tydens die Pretoriaskou-dinee en Algemene Jaarvergadering gemaak.

Prestasies in enige erkende perdesport kom in aanmerking vir hierdie meriete toekennings. Die Raad sal deeglike oorweging aan elke aansoek skenk. Maatstawwe rondom die toekennings word ook van tyd tot tyd aangepas om sodoende tred te hou met veranderinge in die perdesport daarbuite.



*Goue Meriete dresseerhings Carel Hancke Soldaat met Mandy Hancke in die saal.*

KWALITEIT GETEELDE SKOU- & RYPERDE WAT UIT BEKENDE BOERPERD-FAMILIES GETEEL IS. VERSKEIE PLEKPRESTASIES REEDS OP SKOUE BEHAAL

*Bontstaan Nugter*



*Opstaan Dierbaar*



BESONDERSE TEMPERAMENT UITSTEKENDE RYVERMOË BETROUBAAR, GEDULDIG YWERIG & LEERBAAR BOERPERDE HET HULSELF ALREEDS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG BEWYS

# S.A. Boerperd



## Opstaan Stoet

## Ermelo




**Kobus**
**082 779 5464**

**Rudi**
**082 823 1546**

KOM BESOEK ONS STOET EN OORTUIG USELF VAN GEHALTE DIERE - DIE KYK SAL BESLIS DIE MOEITE WERD WEES . . .

*Nicolette Kemp, Jeugskou Kostuum Klaswenner*



*Anja Swart, Nicolette & J.J. Kemp*



GETEEL MET GEHARDE HOEWE VIR PLESIER EN UITHOURITTE, PERDE- & BOERESPORT, GEHARDE PLAASWERK, FAMILIE & KINDERVRIEND, SKOUDOELEINDES, GOEIE KONSTITUSIE OP VELD EN ONDER ALLE WERKSOMSTANDIGHEDE.

OPSTAAN STOET - 'N WENKOMBINASIE WAT MAAR NOG IN SY KINDERSKOENE STAAN!!

# Opleiding en kursusse

**Deur Hedwig Schoonraad**

Sedert die stigting van die Boerperdtelersgenootskap van S.A. in 1973 het die algemene standaard van beide perde en ruiters met rasse skrede verbeter. Dit is alles te danke aan die uitbouing van kennis wat deur die Genootskap oor jare onderkryf is en ook die entoesiasme en honger na kennis aan die kant van die Boerperd-eienaars self. Oor die jare heen is die kursusse wat deur die Genootskap aangebied is, goed ondersteun en het 'n opleidingsstelsel ontwikkel wat jaarliks aangepas is om by die behoeftes van die groeiende S.A. Boerperdtelersgenootskap aan te pas. In hierdie ontwikkeling is met valkoë daarop gelet om nie die tradisionele karakter van die S.A. Boerperd te verloor nie, maar om dit eerder uit te bou en te verbeter.



*Carol Ann Paterson het al van die Genootskap se kursusse aangebied. Hier vertoon sy Ammarel Prins.*

Die Genootskap streef daarna om opleiding te voorsien aan skoubeoordelaars en -beamptes, keurders, telers en ander Boerperd-eienaars, staljongens, lede van ander perde-organisasies en die algemene publiek

Dit word gedoen deur middel van die jaarlikse aanbieding van kursusse waarin die volgende onderwerpe behandel word:

1. Die S. A. Boerperd in Universele Driegange.
2. Die S. A. Boerperd in Tradisionele Drie- en Vyfgange.
3. Die S. A. Boerperd in die Enkeltuig.
4. Die Bouvorm van die S. A. Boerperd.
5. Skou-etiket.

Om as junior beoordelaar te kwalifiseer moet 'n minimum punt van 65% in elk van bg. vakke behaal word. Suksesvolle kandidate word aangewend as skou-beamptes (hek- of beoordelaarsbeamptes) of junior beoordelaars. Nadat die kandidaat op drie skoue suksesvol as junior beoordelaar opgetree het en bg. vakke op gevorderde vlak met 'n minimum slaagsyfer van 75% deurgekom het, kan hy na deeglike oorweging deur die Raad as volwaardige senior beoordelaar aangestel word. Tans word die Tradisionele Driegang-, Vyfgang- en Bouvormklasse by S.A. Boerperdkampioenskapskoue net deur senior beoordelaars uit die beoordelaarspaneel van die S.A. Boerperdtelersgenootskap beoordeel. By die Universele Driegangklasse kan ook van SANEF-beoordelaars gebruik gemaak word. Junior beoordelaars word soveel as moontlik aangewend om hul ondervindingsveld uit te brei en hul kwalifikasies in plek te kry om as senior beoordelaars oorweeg te word.

Om as junior keurder aangestel te word, moet bg. sillabus suksesvol voltooi word en wel deur 'n minimum van 65% in elke vak te behaal. Hierna sal die kandidaat aansoek doen om 'n senior keurder te vergesel op sy keuringstoere. Nadat die junior drie toere met sukses voltooi het en ook die gevorderde

eksamen van bg. vakke met 'n minimum slaagsyfer van 75% deurgekom het, kan hy na noukeurige oorweging deur die Raad as senior keurder aangestel word.

Hierdie kursusse kan deur enige persoon bygewoon word en dit is hier, tesame met die praktiese ondervinding as beoordelaar en keurder, waar suksesvolle lede van die Genootskap gebou word. Die kursusleiers word met sorg gekies en sluit senior keurders en beoordelaars van die Genootskap in of persone van ander perdeorganisasies wat uitblink in die spesifieke vakgebied wat tersprake is.

Inligtingsdae word ook aangebied waartydens onderwerpe aangespreek word waarvoor daar 'n behoefte by die lede is. So byvoorbeeld is daar onlangs 'n beslaan-inligtingsdag aangebied en het Ami de Wet, 'n hoefsmit van beroep, aspirant hoefsmede onder hande geneem en die kennis van die ou hande weer opgeknap. Piet Uys, 'n professionele afrigter en suksesvolle vyfgangruiter van Carolina, het 'n uiters geslaagde vyfgang-inligtingsdag aangebied waartydens veral klem gelê is op die afrigting van die jong vyfgangryperd.

Weens die Zoeloe-vaardigheid van sekere van ons lede, is staljongkursusse in verstaanbare taal aan ons getroue staljongens aangebied. Theuns Pretorius, Jannie Jacobsz en Carol Ann Paterson is nie net bekwame ruiters nie, maar ook suksesvolle aanbieders van hierdie kursusse. Sommige van ons staljongens het intussen ontpop in pryswenners in die skou-arena en word ook met sukses aangewend om as instrukteurs die algemene versorging en ruiterkuns onder ons plaaslike bevolking te bevorder.

Die inhoud van die handleidings en skoureëls en regulasies van die Genootskap word jaarliks opgedateer deur die Skoukomitee en vir goedkeuring aan die Raad voorgelê. Lede van die Genootskap kan ook voorstelle direk aan die Raad rig, wat die nodige oorweging sal gee. Op hierdie wyse hou ons ons standaarde hoog en bly ons in tred met die res van die perdewêreld.


Menige van ons lede ontsien geen koste of moeite om hulself te laat onderrig in die sportsoorte waaraan hulle deelneem met hul Boerperde nie, bv. dresseer, skouspring, driefase en uithouritte. Indirek word hierdie kennis waardevolle boustene in ons Genootskap en baat almal oor die langtermyn daarby.





# BURGERSTROTS

## S.A. BOERPERD


Vir groot en klein


In die water


In die sneeu


In die tuig

***Die perd vir almal en alles!***

**Kontak**

**M.D. Burger**

**Telefoon:**


**082 674 9595**

**of**


**082 693 5315**


**Rosendal**


Op die plaas


In die berge


Vir die toekoms


In Pretoria op parade


In die klippe


In die jagveld


In die oorlog



Op die skou

# Plaasperd en plesierperd

**Deur Michiel Burger**

As plaasperd het die S.A. Boerperd geen gelyke nie. Dit is immers vir hierdie nederige dog onmisbare doel waarvoor hy geteel en ontwikkel is. Selfs in hierdie 21ste eeu is die perd op baie plase noodsaaklik en in die huidige ekonomiese toestande word die perd se rol al hoe groter. Die plaasperd moet aan sekere vereistes voldoen en oor sekere eienskappe beskik om die werk suksesvol en ekonomies te verrig.

Eerstens moet die perd oor die nodige uithouvermoë beskik om 'n vol dag se werk te kan verrig, tot sewe dae per week. Dit sluit 'n hele klomp eienskappe in. Die perd moet 'n goeie konstitusie hê, d.w.s. hy moet nie "dun onder die man nie" en moet sy kondi-sie kan hou sonder byvoeding, slegs veldweiding. Sy hoewe en bene moet hard en gesond wees sodat geen hoefbeslag nodig is nie.



*'n Plesierrit deur Boerperdruiters in die Oos-Vrystaat.*

Plaasperde moet betroubaar wees sodat die veewagter enige plek en terrein en onder enige weersomstandighede of toestande, bv. veldbrande, sy vee kan kontrolleer. Dus moet só 'n perd se temperament aanvaarbaar wees en moet hy kalm en rustig kan vasstaan aan 'n draad terwyl herstelwerk gedoen word. Hy moet vee met die sweep kan aanjaag of swak kleinvee kan rondkarwei of 'n sak of twee sout, as dit moet. Hy moet egter lewendig en wakker genoeg wees om die plaas binne 'n dag te patrolleer en sy ruiter veilig tuis te bring. Daarmee saam moet hy lekker ry en met gemaklike sagte gange sy dagtaak verrig soder om self onnodige energie te vermors.

Net die S.A. Boerperd kan aan al hierdie vereistes voldoen. Waarom? As inheemse perd is die ras oor 300 jaar daarvoor geselekteer deur die natuur self en veeboere wat van effektiewe en funksionele veeperde afhanklik was.

Vandag doen Moeder Natuur steeds haar seleksie. Die meeste S.A. Boerperdmerries word slegs op natuurlike weiding aangehou. Die hingste word steeds by die merries in die veld gejaag gedurende die dekseisoen. Vullens kom in die veld aan en word daar grootgemaak. Boerperdmerries het die vermoë om vet vullens van die veld te speen wat 'n weerspieëling van goeie melkproduksie is. Hierdie omstandighede sal verseker dat sterk, goed aangepaste jongperde geproduseer word en dié gewenste eienskappe in S.A. Boerperd behoue bly. Die dissipline wat jong perde in die trop leer is 'n groot bate en stel hulle in staat om die mens in sy latere lewe as leier te aanvaar.

Weens praktiese redes het die meeste boere hingste gery en dit het daartoe bygedra dat ongewenste en onhanteerbare manlike diere

van die plaas verwyder is en nie vir teeldoeleindes gebruik is nie. Sodoende is op 'n praktiese wyse vir betroubare en goed geaarde hingste geselekteer. Weens die lang afstande wat die boer in die saal moes deurbring, was rygemak 'n belangrike vereiste. Om hierdie rede is is die S.A. Boerperd seker die gemaklikste perd om te ry. Jare se seleksie het van die Boerperd ook 'n natuurlike vyfgangryperd gemaak.

In die skou-arena word ook voorsiening gemaak vir plaasperde waar hul besonderse eienskappe getoets en tentoongestel word in die plaasperdklas. Dit onderskryf die belangrikheid van hierdie eienskappe vir ons ras en Genootskap, al word ons perde ook vir skoudoeleindes geteel en aangewend.

Al hierdie eienskappe maak van die S.A. Boerperd nie net 'n geskikte plaasperd nie maar ook 'n plesierperd by uitnemendheid! In die Oos-Vrystaat is daar tans 22 ritte per jaar. Bykans elke dorp het 'n jaarlikse plesierrit, van Bethlehem in die ooste tot Vredefort in die weste. Tydens so 'n rit kom gemiddeld 200 ruiters bymekaar vir 'n Saterdag om ongeveer 35 km gesellig saam te ry en kuier. Die hele gesin kom ry saam - groot en klein, oud en jonk. Dit is hier waar die S.A. Boerperd homself behoorlik as plesierperd laat geld. Sy beroemde temperament en rygemak word met elke rit bevestig. Op een so rit is 14 S.A. Boerperdhingste getel, sommige deur vroue en kinders gery sonder dat daar enige voorvalle was.

Die Boerperdklubs (Hoëveld-, Natal en Vrystaat- en Pretoriaklub) bied ook jaarlikse ritte aan waar hul lede hul perde (van plaas- tot skouperde) kan geniet in terreine wat wissel van die seesand tot die berghange van die binneland.

Hierdie "ongeslypte diamante", wat vir funksionele doeltreffendheid geselekteer is, is besig om te skitter in al die fasette van die moderne perdewêreld, van plaaswerk en plesierritte tot in die nasionale skou-arenas regdeur die land.



# Harmonie Stoet

## S.A. BOERPERD

*Ons perde se temperament is vir ons belangrik.*

**NAVRAE:**
**Mitzi van Rensburg**
**Tel: (034) 952 1635**
**Sel: 083 435 8207**

HARMONIE STOET S.A. BOERPERD
MITZI VAN RENSBURG
083 435 8207
POSBUS 1449
VRYHEID



*Ideale kinderryperde.*
*Ideale plesierrit perde.*

*Zululand Skou Kampioen vir 2000, Kinderryklas. Pretoria S.A. Kampioenskappe beste Ruiter 0\18 2001*




*Hulle blink uit in verskeie perdesporte*

**KOM BESOEK ONS GERUS!**

# MOOIHOEK

## STOET



Mooihoek Glinster:
Kinderryperd 0/10 2 de plek
Kinderruiter 0/10 3 de plek
Kinderryperd 0/10
Reserwe Kampioen Pretoria Skou 2001

Lojaliteit & Kameraadskap
Net een kyk in ons perde se oë en jy sal verstaan. Hierdie pragtige sterk en intelligente diere wil graag 'n leeftyd se ondervinding, vriendskap en liefde met net een persoon deel . . . . jy.

Maak'n Mooihoek perd een van jou onvergeetlikste vriende.



Plesierritte: Kinders & Oorsese gaste





Goeie moeders

Navrae: **Elmarié Davel**


Tel: 034 9950234

Sel: 082 502 9026

# Deelname aan kampioenskappe groei

**Deur Heleen Pope**


Die afgelope paar jaar het die S.A. Boerperde se deelname by streek- sowel as nasionale kampioenskapskoue aansienlik gegroei en dit word toegeskryf aan die aantal nuwe lede wat SA Boerperde bekom het en ook aktiewe lede van die S.A. Boerperd Telersgenootskap geword het. Dit het teweeg gebring dat mededinging by hierdie skoue van 'n baie hoë gehalte is en dat die standaard van die S.A. Boerperde wat ingeskryf word vir hierdie skoue aansienlik verbeter het. Terselfdertyd het ruiterkuns nie agterweë gebly nie en ruiters is deurgaans besig om hulself te bekwaam en te verbeter om sodoende die beste resultate uit hulle S.A. Boerperde te verkry en om proffesionaliteit aan die dag te lê. Dié feit word weerspieël deur die resultate wat behaal word deur ons perde en ruiters by oop skoue. 'n Internationale beoordeelaar, Sue Carter, wat by die vorige streek- en nasionale skoue beoordeel het, het ook tereg hierdie vordering opgemerk. Kursusse wat aangebied word deur die S.A. Boerperd Telersgenootskap in Skou Etikette en Ruiterkuns vorm 'n belangrike deel uit van wat in die skou arena bereik word.



*Irmgaard Schoonraad, S.A. Kampioen-Kinderruiter vir 2001, op Paardekop M.S. Debuut.*

Om die veelsydigheid van die S.A. Boerperd te beklemtoon, word klasse by skoue in drie verskillende bewegings kategorieë verdeel, nl. Tradisionele beweging 3-gang (hoë- tot middelmatige beweging), Universele Beweging (lae- tot middelmatige beweging). Die rasstandaarde van die S.A. Boerperd stel die volgende vereistes aan sy beweging, ongeag die gang waarin hy beweeg: "Matige hoë, lang veerkragtige treë wat grond dek. Agterbene wat goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor, m.a.w. reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien word." Die teelideaal van die S.A. Boerperd Telersgenootskap bly nog steeds die perd met die hoër knie aksie, maar omdat daar S.A. Boerperde is wat 'n lae tot middelmatige beweging het, is die Universele klasse geskep om hierdie perde te kan akkomodeer. Die beoordeling van die Universele klasse is op die SANEF-reëls geskoei en maak ons dan ook gebruik van SANEF gekwalifiseerde beoordeelaars, terwyl die Tradisionele, 3-gang plus tuig, 5-gang- en Bouvormklasse (in hand) deur interne opgeleide beoordeelaars hanteer word volgens vasgestelde S.A. Boerperd-skoureëls wat streng toegepas word. Geen kruisinskrywings tussen hierdie verskillende kategorieë word toegelaat nie en 'n teler of eienaar moet self besluit onder watter kategorie, volgens sy perd se beweging, hy sorteer om ten beste te kan meeding.

In die 5-gang- en Tradisionele 3-gang klasse mag ruiters se uitrustings verskil van die Universele 3-gang ruiters. Ruiters mag bv. 'n breërandhoed, 'n "tweed" of geruite baadjie, stewels of kamaste met 'n gewone of wyer gesnyde rybroek dra. Net vir interessantheid: Die wyer gesnyde rybroek is nou weer hoog mode in Engeland en Europa en is besig om



*Lang Carel Juris, met Lourens Badenhorst agter die leisels, onoorwonne S.A. Kampioen Enkeltuig en Victor Ludorm.*




*Foto: C. Nel (Farmer's Weekly)*

*Eggo Klinker, die huidge 5-gang Kampioen vir 2001.*

Streeks- en Nasionale Kampioenskappe vind elke alternatiewe jaar in Pretoria plaas tydens die jaarlikse Pretoria Skou. Die skou is gewoonlik teen einde Augustus, begin September en die S.A. Boerperde het $1^{1/2}$ dae om perde ten toon te stel. Die 16de S.A. Boerperd Skou in Pretoria, wat dan ook 'n Nasionale Kampioenskap was, het in 2001 plaasgevind. Daar is ook bykomende Streeks Kampioenskap Skoue geskep te Ermelo in April- en te Senekal in Oktober. Daar is besluit om die Pretoria Skou elke jaar as 'n Nasionale Kampioenskap Skou te behou en nog 'n Streeks Kampioenskap Skou iewers in Gauteng te skep.

Die uitsonderlike prestasie van Lang Carel Juris moet beklemtoon word aangesien hierdie 5-gang perd vir drie agtereenvolgende jare (1999, 2000, 2001) te Pretoria Skou die Victor Ludorum in gepalm het nadat hy Senior Kampioen Hings, Groot Kampioen Hings, Kampioen Enkeltuig en in 1999 en 2000 Kampioen 5-gang ryperd was. In 2001 was hy Reserwe Kampioen 5-gang ryperd. Lang Carel Juris was ook in 2001 Groot Kampioen Hings sowel as Kampioen 5-gang ryperd by die Senekal Streek Skou.

Kampioenskapuitslae vir die afgelope jaar se Nasionale Skou is as volg:


hier ook weer gewild te word. Netheid en 'n volledige uitrusting is van uiterste belang en ruiters kan gediskwalifiseer word as die kleredrag nie volgens die S.A. Boerperd spesifikasies is nie. Daar word geen hoogte onderskeid getref nie. Hingste mag deur Junior ruiters gery word maar word nie toegelaat in Kinderklasse nie.

Die S.A. Boerperd Telersgenootskap se


## 2001 (29 & 30 AUGUSTUS) NASIONALE KAMPIOENSKAPPE TE PRETORIA:

**Kampioen Junior Hings**
Lang Carel Rakker
**Kampioen Junior Merrie**
Bührman Dweper
**Kampioen Senior Hings**
Lang Carel Juris
**Kampioen Senior Merrie**
Roemryk Cora

**Kampioen Reunperd**
Impala Arend
**Groot Kampioen Hings**
Lang Carel Juris
**Groot Kampioen Merrie**
Roemryk Cora
**Kampioen Ryperd vir Kinders 10 jaar en onder**
Carel Hancke Diamant
**Kampioen Ruiter onder 10 jaar**
Clarise Bezuidenhout op Carel Hancke Diamant
**Kampioen Ryperd vir Kinders 14 jaar en onder**
Lang Carel Honeurs
**Kampioen Ruiter onder 14 jaar**
Irmgard Schoonraad op Majabula-Sniepad Debuut
**Kampioen Ryperd vir Juniors 18 jaar en onder**
Carel Hancke Tosca
**Kampioen Ruiter onder 18 jaar**
Christie van Rensburg op Lekkerkry Aliwal
**Kampioen Senior Ruiter**
Mandy Hancke
Carel Hancke Soldaat
**Kampioen Universele 3-gang ryperd**
Carel Hancke Soldaat
**Kampioen Traditionele 3-gang ryperd**
Carel Hancke Sweep
**Kampioen 5-gang ryperd**
Eggo Klinker
**Kampioen Enkeltuig**
Lang Carel Juris
**Kampioen Veelsydige ryperd**
Klinker Banier
**Victor Ludorum**
Lang Carel Juris



*Tania Barnard op Lang Carel Juris.*



*Hubert Lens op sy vyfgang-hings Pivaanswaterval Oubaas.*

# Eggo Boerperd Stoet

Chris Coetzee • Bus 3505
Windhoek • Namibië 9000
Tel: 0926461 222822




## Eggo Klinker III

**Vaar:** CloetEggo Klinker II
**Moer:** Bokfontein Fleur

## Eggo Klinker III

**in aksie.
Perd met natuurlike
aksie & styl.
Nasionale SA Groot
Kampioen Vyfgang
Ryperd Pretoria 2001**




***Teel vir*: Rasegtheid, beweging-natuurlik, ry-vermoë, uithouvermoë, temperament en kwaliteit**

# S.A. Boerperd exells in open shows

**By Heleen Pope**

During the last few years several S.A. Boerperde have competed very well in the open showing arena. The competition at such shows is very stiff and the S.A. Boerperd stood its ground and made its mark. "This is a breed to be reckoned with in the future and their potential is enormous", I overheard a spectator comment. Where upon I could not contain myself and had to elaborate on the wonderful properties of this unique horse. This seems to be the norm at these open showing shows and people not familiar with the SA Boerperd as a breed make the time to come and watch our horses perform and to learn more about them.


*Jan van Deventer on Calela Bandolier, Supreme Champion Working Riding Horse at Rand Easter Show, 2000.*

Some of our breeders competed with their horses at "Horse of the Year" and at "Rand Easter Show" under the General Breed section and did exceptionally well. In 1998 at "Rand Show", Carel Hancke Nobel won Supreme Champion Mare in the General Breed section, and in 1999, Carel Hancke Soldaat won Supreme Champion Stallion in the General Breed section. In 2000, at "Horse of the Year", Carel Hancke Nobel won Reserve Supreme Champion Show Hunter after she came 1st in Show Hunter (in hand), 16 hands and under as well as 1st in Show Hunter (ridden) 16 hands and under. Carel Hancke Nobel received a Silver Merit Award from the SA Boerperd Breeders Society for her achievements.

The SA Boerperd was fortunate to be invited to compete, as a breed, at the annual "Horse of the Year" show in 2000 and 2001 at Kayalami Equestrian Park as well as at the Rand Easter Show in 2000 held at NASREC. A highlight at the Rand Show in 2000 was when Calela Bandolier with rider, Jan van Deventer, took top honors as Supreme Champion Working Riding Horse of the show and came 3rd in Supreme Ridden Horse of the Show. Calela Bandolier received a Gold Merit Award to recognize his outstanding achievements from the Society. The judges managed to set an extremely difficult test for the Supreme Champion Working Riding class with two camels in the arena for the ultimate test. The S.A. Boerperd was the only horse out of 12 that could walk around these strange fowl reeking animals without a problem.

Unfortunately there was no Interbreed showing at the Rand Easter show in 2001 but a new major show, "The Autumn Gold Cup", has seen the light at Inanda Country Base and the S.A. Boerperd was invited to compete there as well. Due to different circumstances the owners and breeders could not manage to get enough horses together to warrant a S.A. Boerperd section and competed individualy under the General Breed section. Still, the few S.A. Boerperde that were there did extremely well and did us proud. Again, as in previous shows, Carel Hancke Nobel with rider and



*Hedwig Schoonraad op Goue Meriete dresseerperd Lang Carel Jongleur.*

trainer, Mandy Hancke, won the Reserve Supreme Champion Mare award.

The Lowveld Show, held in Nelspruit annually, held its 52nd show in August 2001. Since its inception in 1948 there has always been an equestrian section and one can only marvel at the thought of how many SA Boerperde must have competed there in the past.

Top horses of all breeds and riders from all over the country compete at this show in all disciplines. This year a SA Boerperd stallion, Carel Hancke Soldaat with Mandy Hancke in the saddle took the honours of winning 4 championships overall. In 2000 it was also a SA Boerperd, Calela Bandolier that won the Supreme Championship i.e. Victor Ludorum. The "Mpumalanga Green Jacket Show", also took place in Nelspruit in the first week of October 2001. SA Boerperd, Carel Hancke Dunn with Yvonne Brecher in the saddle, has been selected by the judges as the Best Showing Horse in Mpumalanga and as determined by the name of the show, may deservedly wear the sought-after "Green Jacket."

The annual Ermelo Agricultural Show, held in March of each year started in 1908 and boasts a proud heritage of SA Boerperd Champions from its inception 93 years ago. Ermelo Agricultural Show is one of the largest country shows in the old Transvaal. At this Open Show, with various equestrian disciplines, the SA Boerperd has always had their own section where the Champions in their respective sections compete for the Supreme Championships. Results for the past 3 years, is confirmation of SA Boerperd dominance of Champions at Ermelo Show. In 1999 Supreme Champion Stallion was Calela Flikker and Supreme Champion Mare was Calela Cloete. The Supreme Champion 3-gaited Riding Horse was Lang Carel Jongleur and the Champion 5-gaited Riding Horse was Calela Generaal. In 2000 Supreme Champion Stallion was Calela Flikker and Supreme Champion Mare was Mahashi la Dame. In 2001 Supreme Champion Stallion was Carel Hancke Sweep and Supreme Champion Mare was Calela Fraai.

In July 2000 the Highveld SA Boerperd Club hosted an open show, " The Wintershow", at

Ermelo Showgrounds and again the SA Boerperd walked away with the Championship rosettes. At this show Majabula-Sniepad Debuut, with rider Irmgard Schoonraad, won the Supreme Champion Mare and the overall Victor Ludorum. Calela Bandolier won the Champion Utility Riding Horse.

Lang Carel Juris, a stallion, belonging to Tarnia Barnard did us proud at the Parys Show as well as at the Warmbath Show. He is a 5-gaited- and harness horse and competes in those classes as well as in hand. At Parys Show in April 2001 he won Supreme Champion Stallion, Champion Single Harness as well as the 5-gait Championship in the category "Other Breeds".

In August 2001, at the Warmbath Show, he won Supreme Champion Stallion, Champion Single Harness and the 5-gait Championship, again in the category "Other Breeds". At both these shows, Lang Carel Juris competed against Hackneys, American Saddlers and Kaapse Boerperde.

At the Standerton Show in July 2000 and 2001, Roemryk Cora with Sonja Smuts in the saddle won the Champion Riding Horse under saddle as well as the Victor Ludorm in consecutive years. Majabula-Sniepad Debuut with Irmgard Schoonraad won the Champion Junior riding horse. Lang Carel Kristal won Champion Stallion at the Vryheid Show.

We are aware of the fact that there are many more SA Boerperde that excell in the open showing world. Showing results do not get passed on to the office by the owners because of horses not being registered with the Society. Sometimes horse's names have been changed or the owners do not belong to the SA Boerperd Breeders Society. We would have liked to honor all of them. We are proud of the achievements of this unique breed and must nurture and protect this wonderful heritage.

**Doelgerigte teling sedert die vroeë dertigerjare begin nou dividente lewer.**

**Perde afkomstig uit wyle Jaap van Niekerk se A2 perde, is deur natuurlike seleksie in Utrecht se Skurweberge oor die afgelope 70 jaar deur die natuur geselekteer tot 'n eenvormige trop perde van bogemiddelde balans en rygemak en natuurlike vyfgang.**

**Met die bybring van twee hingste uit die Eggo en Bismark bloedlyn, aangekoop vanaf wyle Willem Cloete van Molteno gedurende 1976, is die verlangde eienskappe soos natuurlike vyfgang en temperament met groot sukses ingeteel en bestaan die Jurust Boerperdstoet vandag uit geharde perde met uitstekende rygemak, 'n natuurlike vyfgang en fantastiese temperament.**

# JURUST

## SA BOERPERDSTOET





**Die bewys van die sukses word weerspieël in die sukses wat behaal is met die eerste aanbieding van Jurust perde op die SA Boerperd PrestigeVeiling te Kayalami op 22 September 2001.**

1. **Hoogste prys op die veiling vir die hings, Jurust Longlife 85 nl. R27 000,00.**
2. **Hoogste prys vir 'n reunperd op die veiling vir Jurust Geskenk nl. R 12 000,00.**


**Met kritiese afwagting word die eerste vullens van Carel-Hancke Verwoerd dopgehou vir 'n moontlike toekomstige teelhings uit 'n Jurust merrie.**

**Vir verdere navrae en inligting,**
**skakel Koos Uys by • Tel: 034 - 982 1502 • Sel: 083 463 0740 • Posbus 888 • Potgietersrust • Vryheid 3100**

# LEEUKLOOF SA BOERPERD STOET

Die Leeukloof SA Boerperdstoet word sedert 2000 bedryf in die Belfast distrik. Ons hou 'n kern kudde aan wat hoofsaaklik bestaan uit top Cloete en ander Bloedlyne.
Ons merries word regdeur die jaar op natuurlike veld gehou en vullens word in die veld gebore en grootgemaak. Ons hingste is almal skoukampioene wat uitsonderlike vullens teel. Ons doelwit is om top skou, sport- en kinder perde te teel met die uitsonderlike temperament uniek aan die SA Boerperd.

Vullens is van tyd tot tyd beskikbaar. Ons hingste is ook beskikbaar vir dekkings aan goedgekeurde merries.



Lodewykslust Glip
(Uit Lekkerkry Byron)



Lang Carel Offisier
( Geteel uit Vyfhoek Formaat en Lang Carel Ierland)

Brenda & André Botes
Tel: (011) 373 6265 (k)
(012) 654 7069 (h)
Sel: 083 654 4283




Li- Juan Honneurs
( Uit Lang Carel Jongleur)

# Positiewe invloed van die dresseerarena

**Deur Hedwig Schoonraad**

Dit is in die dresseerarena waar die perd se atletiese vermoëns, intelligensie en temperament tot die uiterste beproef word. Hier moet die S.A. Boerperd op gelyke voet meeding met van ons land se voorste dresseerperde, waarvan sommige ingevoer is. Anders as by die warmbloedrasse, word die S.A. Boerperd nie spesifiek vir dresseer geteel of geselekteer nie en is ons dresseerperde tans die produk van 'n meer algemene teelbeleid. Aan intelligensie en temperament skiet ons perde nie tekort nie, maar wel aan sekere atletiese vereistes wat deur die sport gestel word. Slegs deur aktiewe mededinging en strenger seleksie vir balans, ritme, krag vanuit die agterkwart, veerkrag en die vermoeë om die treë te verleng, sal ons kompeterend op hoër vlakke kan meeding. By dresseer leer die Boerperdteler wat beweging werklik is en kan só sy teelbeleid daarby aanpas. Hierdie bewegingsbeginsels is van toepassing op al die fasette van die S.A. Boerperd, van plesierperd tot vyfganger, en sal die ras in sy geheel bevoordeel.



*Roemryk Cora, 'n brons meriete dresseerperd, met Sonja Smuts in die saal.*

Die positiewe invloed wat dresseer op die algemene vlak van skoling by die S.A. Boerperd het, is tans veral waarneembaar in die afronding van ons perde in die gewone drie- en vyfgangklasse. Die S.A. Boerperd-eienaar neem ook met vrymoedigheid deel aan die dresseerklasse (gegradueer en ongegradueer) wat op ons kampioenskapskoue aangebied word en hierdie klasse spog meestal ook met die hoogste deelnemersgetalle van al die klasse op só 'n skou. Die meer ernstige dresseerruiters behoort aan hul onderskeie SANEF-perde-verenigings en dis hier waar groot kostes nie ontsien word nie en kosbare reklamewerk gedoen word vir ons ras.

Ons beste perde is steeds by die telers op die platteland en dit is finansieël en logisties moeilik om vandaar op hoë vlakke kompeterend in die dresseerarena mee te ding. Volgehoue afrigting is om dieselfde redes moeilik bekombaar. Ten spyte hiervan presteer die S.A. Boerperd besonder goed in die dresseerarena en het gekom om te bly. Die volgende buiteskou-merietes is deur die Genootskap aan dresseerperde toegeken:

Goud aan Carel Hancke Soldaat vir "Transvaal Lower Novice Champion - 1994".

Goud aan Lang Carel Jongleur vir 5de plek in die "South African Dressage Championship - Adult Novice Dressage Championship" - 1998.

Silwer aan Lang Carel Jongleur vir 30 punte behaal in "Elementary Dressage".

Brons aan Lekkerkry Bobby vir 30 punte behaal in "Novice Dressage".

Brons aan Carel Hancke Ramkat vir 30 punte behaal in "Novice Dressage".

Brons aan Klinker Banier vir 30 punte in "Novice Dressage".

Brons aan Roemryk Cora vir 30 punte in "Novice Dressage".

Die volgende prestasie is intussen deur Carel Hancke Soldaat behaal:

3de plek by "THS Novice Dressage Championship" - 2001.

3de plek by "THS SANEF Compet-tion - Novice Dressage Championship" - 2001.

Tydens die 2001 Kwazulu-Natal Dreseerkampioenskappe in Pietermaritzburg het Roemryk Cora 8ste plek behaal in die "Adult Novice Dressage Championship". Baie geluk!

Die gevolg van hierdie prestasies is dat al meer dresseerruiters by die S.A. Boerperd-telers aanklop om hul toekomstige dresseerperde uit te soek.




*Sandra Bosman op Calela Vatikaan.*


# Paardekop S.A. Boerperdstoet

## TEEL KAMPIOENE UIT KAMPIOENE



**Lang Carel Jongleur**
1999 SA Kampioen Universele 3-gang Ryperd
Goue Meriete Dresseerperd vir 5 de plek behaal op
1998 S.A Dresseerkampioenskappe te Pietermaritzburg.
Afgerig, vertoon, en gebruik in Paardekop Stoet



**Paardekop M.S. Debuut**
1999 S.A. Kampioen Kinderryperd
1999 S.A. Res Groot Kampioen Merrie
2001 S.A. Kampioen Kinderruiter
2001 S.A. Res kampioen veelsydige Perd
2001 S.A. Res Kamp Universele 3-gang Ryperd

**Chris & Hedwig Schoonraad • Posbus 28 • Perdekop 2465 • Tel: 017 785 1212 • Sel: 083 254 5655**

*Lid van Trans-Natal Teelgroepskema*

# Li-Juan STOET/STUD


Francois & Juan van der Merwe
Tel: (034) 312 5870 (w) • (034) 318 4427 (h)
(034) 312 1413 (faks) • Sel: 082 492 5319
Posbus 2330 • Newcastle 2940






Tuiste van menige S.A. Kampioene













*Temperament, gehardheid, kwaliteit en 'n gronddekkende beweging. Die sleutel tot sukses in ons strewe om gebalanseerde diere wat op alle vlakke presteer te kan voortbring. Kom besoek ons stoet. Dit betaal om te kyk!*



*Lid van Trans-Natal Teelgroepskema*




# GROOT VERLANGE SA BOERPERD STOET

André Coetzee • Sel: 082 458 5964 • Posbus 487 • Hartebeespoort 0216
Stalmeester: Linda Philo • Sel: 083 229 3900



# Driefase beproef Boerperd tot die uiterste!

**Deur Hedwig Schoonraad**

In driefase word 'n perd, soos die naam aandui, in drie verskillende afdelings objektief geëvalueer en punte toegeken, nl. dresseer, skouspring en "cross country". Die gesamentlike punt bepaal uiteindelik die perd se prestasie op die skou. Hierdie sport beproef die atletiese vermoë en veelsydigheid van die perd tot die uiterste. Die subjektiewe waarneming van beoordelaars is tot 'n groot mate uitgeskakel, behalwe in die dresseer-afdeling waar die geoefende oog nog steeds die punte toeken.

Dit is in hierdie minder bekende perdesport waarin die grootste prestasies nog deur 'n S.A. Boerperd in georganiseerde perdesport behaal is. In 2000 word Lekkerkry Sikspens bekroon as die S.A. Kinder-Driefase ("Eventing") Kampioen! Hierdie palomino-ponie is 'n plofbare kombinasie van temperament, korrekte konformasie en beweging. Dit is na hierdie eienskappe waarna Hindie van Rensburg van die Vasvatstoet, en tot onlangs nog Sikspens se eienaar, veral oplet wanneer hy sy driefase- en skouspringperde uitsoek. Hy brei verder uit :



*Yolande Rademeyer op Vlampies Vuurvlieg.*

## 1. Temperament

Dit moet 'n perd met 'n leeue-hart wees. Hindie neem sy ses maande oue vullens aan die halter en loop met hulle oor ruwe terrein waarin spronge, klippe, slote en walle is. Die een wat dit met die minste huiwering doen, is die beste kandidaat.

## 2. Konformasie

Hier het ons min probleme in ons ras. Sy persoonlike voorkeure is 'n perd wat 'n ligte nek het, sodat hy nie onnodige kilogramme aan sy voorkant oor 'n sprong hoef te lig nie. Andersom gestel: Dit is so goed jy sit 'n kind van 30 kg op jou nek as jy moet spring. Hy hou van 'n perd wat effe hoër by sy lieste ingesny is. Dit skep vir hom ruimte om sy bene in te trek. 'n Hoogspring-atleet het tog nie 'n pens nie!

## 3. Beweging

Hy verkies 'n perd met 'n gewone galop wat met sy agterbene ver onder sy lyf in beweeg en sy voorlyf met elke treë hoog van die grond af oplig. Met ander woorde, hy gee jou die gevoel jy ry op 'n "rocking chair". Só 'n perd lig op 'n natuurlike wyse sy voorlyf oor 'n sprong en stoot baie sterk met sy agterlyf. Vir die dresseer-gedeelte wil mens 'n perd hê wat baie ver strek in sy treë en 'n gemiddelde hoogte in knie-aksie het.

Bg. temperament en konformasie tesame met natuurlike fiksheid en spoed sal aan jou 'n goeie perd gee om mee te begin. Verkieslik nie ouer as vyf jaar nie.

Die Groot Verlangestoet van André Coetzee spesialiseer in driefase. André het perde van ses verskillende telers bekom, en eers in Februarie 2000 begin met die afrigting van sy diere onder die wakende oog van Linda Philo. In Julie van dieselfde jaar is die eerste afrigtingskoue bygewoon. In September 2000 is 'n mini-reeks gery tesame met skoue in Gauteng. In Maart 2001 het die eerste rosette begin inkom. Ons moet onthou dat die Boerperd in hierdie sport teen alle ander rasse meeding en dat enige plasing 'n groot advertensie vir die ras is! Grootverlange se prestasies in hierdie kort tyd lyk as volg:

| Datum | Plek | Item | Perd en ruiter | Plasings |
|---|---|---|---|---|
| Junie 2001 | InandaCountry Base | Adult Welcome | Carel Hancke Karlien | 5de |
| Julie 2001 | Gracelands (Pretoria) | Junior Wecome | Vlampies Vuurvlieg | 3de |
| Julie 2001 | Gracelands | Adult Wecome | Carel Hancke Karlien | 4de |
| Julie 2001 | Newcastle | Child Welcome | Vlampies Vuurvlieg | 3de |
| Oktober 2001 | Inanda Country Base | Junior Welcome | Vlampies Vuurvlieg | 2de |
| Oktober 2001 | Wychwood | Junior Two Fase | George Frederick Moya | 2de |
| Oktober 2001 | Wychwood | Junior Two Fase | Vlampies Vuurvlieg | 3de |

Linda Philo se woorde oor die Boerperde waarmee sy werk is baie gepas om hierdie hoofstuk mee af te sluit:


*" All these horses show great potential and we look forward to an exiting future, with these amazing animals "*



# Carel Hancke Boerperd Stoet

## B'Drie Boerperd Stoet

Die perde vir die sportwêreld
4 Goue Meriete toekennings reeds ontvang



**Carel Hancke Geepad**

SA Senior & Grootkampioen Hings vanaf 1987 - 1992
Interras Kampioen Hings - Pretoria Skou 1987
Interras Kampioen Hings - Pretoria Skou 1991
(Goue Meriete Toekenning)

**Carel Hancke Soldaat**

Tvl. Novice Dresseer Kampioen JHS - 1995
SA Senior en Groot Kampioen Hings - 1997
Interras Kampioen Pretoria Skou - 1997
Groot Kampioen Hings Randse Skou - 1999
(2 Goue Meriete Toekennings)
Huidige SA Drie Gang Kampioen - Universeel






**Carel Hancke Sweep**

SA Senior en Groot Kampioen Hings - 1995
SA Drie Gang Kampioen
(tradisioneel) 2000 & 2001

**Carel Hancke Dlamant**

Senior en Groot Kampioen Merrie (Boerperd)
Randse Skou - 1999
SA Kampioen Kinderryperd - 2000 - 2001



**Die hings Carel Hancke Blok**

Tvl. Uithourit Kampioenskap 1ste - 1998
Tvl. Uithourit Kampioenskap 1ste - 2001
Die hings Blok wen ook die langste uithourit kampioenskap te Leniesdeel 208Km - 1998

Navrae:
Manie Hancke: 082 7725 108
of 017 647 0222
Mandy Hancke 082 3774 262
Raymond Bezuidenhout: 082 4521 204

# Lekkerkry Sikspens
# Die grootste Boerperdprestasie nóg!

**Deur Hindie van Rensburg**



*Lekkekry Sikspens en Tracy Davids.*

Met die intrapslag wil ek julle vertel van 'n merkwaardige S. A. Boerperdhings. Lekkerkry Sikspens is geteel uit Tandem Dweper en Prestasieperd Flerrie. Hierdie twee pioniers is nie meer met ons nie. Met behulp van Tracy Davids, 'n baie talentvolle ruiter, en afrigters Mandy Johnson en Leonie Davids kon Lekkerkry Sikspens die volgende prestasies behaal:

In een jaar kom Lekkerkry Sikspens van nêrens af tot 'n kinder A-graad springponie en kwalifiseer dieselfde jaar vir die S. A. Kinder-Skouspring-Kampioenskappe se finale rondte.

Lekkerkry Sikspens help ook vir Tracy om in 2000 as S.A. Kinder-Ruiterkuns ("Equitation") Kampioen gekroon te word.

Vir haar prestasies behaal op Lekkerkry Sikspens het Tracy Davids op die voorblad van die SANEF Yearbook 2000 verskyn.

Hierna word hy verhandel teen een van die hoogste pryse ooit vir 'n S.A. Boerperd tot op hede bekend. Ons kan met trots sê dat Lekkerkry Sikspens deur en deur 'n paar goue meriete toekennings van die Genootskap werd is! Baie geluk!

Majabula Sniepad Bohaai is nog 'n S.A. Boerperd met hope spring in sy ledemate. Sy talent is ontdek tydens 'n Geloftefees Boeresport op Perdekop. As 'n perdjie wat pas drie jaar oud geword het, het hy as onervare veeperdjie wat tot op daardie stadium nog nooit gespring het nie, die kragsprong-item met 'n hoogte van 1.2m gewen. "Hy het elke poging vreesloos aangepak en my skoon bang gehad!" het sy ruiter agterna gesê.

Vandaar het hy gevorder tot CA Kinder-Skoupringponie, met Marilé Fourie in die saal, en is in 2000 vereer met 'n Goue Meriete Toekenning van die Genootskap. Op 13 jaar skou hy steeds aktief as skou- sowel as spring-perd en het as leermeester vir menige ruitertjies gedien.

Paardekop Intens is as 4-jarige ponie in Junie 2000 vir die eerste keer aan spring blootgestel en het in bietjie meer as 'n jaar gegradeer tot 'n CB Kinder Skouspringponie. Nog 'n Boerperd om dop te hou!

# Die keuse van 'n uithouritperd

**Deur Suzanne van Rensburg**

Daar is geen spesifieke formule wat kan bepaal watter tipe perd 'n goeie uithouritperd sal wees nie. Onderstaande is wel riglyne:

## FISIES:

1. 'n Perd moet verkieslik in die veld groot word. Die oefeninge veroorsaak dat daar goeie been- sowel as spierontwikkeling plaasvind. Dit gebeur nie in dieselfde mate met 'n stalperd nie.

2. 'n Dun vel. Die are is nader aan die oppervlakte en hitte word vinniger vrygestel.

3. 'n Slank perd met 'n ovaal-ribsprong; weer eens vir vinniger hittevrystelling.

4. Perde wat goed presteer is tussen 14 en 15.1 hande hoog. 'n Groter perd moet meer energie en inspanning gebruik. Uit die aard van die saak sal 'n swaargewigruiter 'n groter perd ry.

5. 'n Perd met 'n lae knie-aksie en gestrekte tree. Hoe laer die aksie hoe minder energie word gebruik om lang afstande af te lê.

6. Ons soek 'n groot sterk hart wat slegs met 'n kardiogram bevestig kan word. Hoewel 'n rustende hartklop van tussen 24 - 36 reeds 'n goeie indikasie is.

7. Diepte van die bors om meer ruimte vir long kapasiteit te gee is ook belangrik. 'n Te wye bors kan 'n probleem veroorsaak by beweging aangesien dit die beweging van die elmboog beperk.

8. Groot neusgate en lugweë vergemaklik suurstofiname wat nodig is vir die effektiewe funksionering van die spiere.

## PSIGIES:

1. Die perd moet 'n sterk wil hê om te werk. 'n Perd wat jy eerder moet inhou as aanspoor. 'n Flou kop gan jóú flou maak oor 'n lang afstand!

2. 'n Kalm rustige perd. Wanneer hy klaar gewerk het, moet hy onmiddelik kan ontspan. Dit help om sy hartklop te laat daal by die veearts toetse.

Die perd Karel Hancke Blok wat aan Willem Janson behoort, is 'n sprekende voorbeeld van 'n perd wat al hierdie eienskappe besit en dit ook bewys deur sy prestasies. Sy indrukwekkende prestasies het hierdie Arabier-oorheerste uithouritsport aan die praat!

Die Nieu-Zeelander, David Marshall, 'n internasionale beoordeelaar van Arabierperde, asook bestuurder/afrigter by die Abu-Dhabi Equestrian Center, sê die volgende van Carel Hancke Blok: In sy lang betrokkenheid by die uithouritsport het hy maar enkele legendariese perde raakgeloop. Hy beklemtoon dat min van hulle naby Carel Hancke Blok kom. "Very seldom do you find a stallion willing to extend himself over 160km and even less are you likely to witness the same done with such determination and purpose as I have seen at the Alma 100 miler. The fight was honest, true and full of grit."

Blok wen dan op Alma die 160km met 'n enkele lengte! Hy wen die 210km rit by Leniesdeel deur die Arabierperd te klop wat die rit 4 keer in 6 jaar gewen het. Blok skud sy teenstaanders in die laaste 5 km af en gallop voor "die geskokte toeskouers oor die wenstreep". Sy nuutste prestasie op die Gauteng 100-myler, is dat hy tussen 88 perde aangewys word as die bes voorbereide perd, waar daar in die veeartsspan ook 'n internasionale beoordeelaar is.

Daar is nog heelwat ander S.A. Boerperde wat aan uithouritte deelneem. Dit is regtig net 'n geval van om die regte perd te identifiseer en te begin oefen!

# S. A. Boerperd en die toekoms

**Deur Jan van der Wath**

Sedert ek in 1963 aktief met die teel van die Boerperd besig is, kan ek met vrymoedigheid sê dat die S.A. Boerperd vanaf 1973, ná die stigting van die Genootskap, die perderas is wat die meeste fenotipies en genotipies gevorder het van alle perderasse in Suid-Afrika. Ek glo nadat u deur hierdie joernaal gelees het, sal u met my saamstem.

Die ledetal het vanaf agt lede na 180 gegroei wat dui op noemenswaardige belangstelling en vooruitgang. Só het die kwaliteit van ons perde sedert ons eerste S.A. Skou in 1975 op Memel met rasseskrede verbeter. Waar dit daardie jare maklik was om die eerste plasings te maak, is dit vandag 'n taak wat moeilik is danksy die baie hoë kwaliteit diere in die skouring.

Wat die ryklasse aanbetref, is ons dankbaar vir die standaard wat die ruiters aan hulself en aan hul perde stel. Hierdie gesonde kompetisie het ek gesien groei vanaf die junior-, tot in die seniorklasse.

In die buitesporte handhaaf die S.A. Boerperd homself ook met onderskeiding. Ons kyk na die Gymkhana, plesierritte, kinderspring, "eventing", uithouritte en nog vele meer.

Die toekoms van dierdie perderas lê by ons as telers en deelnemers - en dit gaan van óns afhang hoe ons die S.A. Boerperd gaan bestuur in ons kantoor en op die plaas by die stalle, hoe entoesiasties u is met u teelprogram, gesonde mededinging op alle vlakke en goeie reklame vir die ras. Dit alles gee die ras blootstelling op alle gebiede.

Ons as telers en lede moet nederig bly, die saak van die perd as belangrik beskou, die Raad wat ons kies ondersteun en geduldig wees met mekaar en die taak waarmee ons besig is aan ons Skepper opdra.



# Vasvat Stoet

## Hindie van Rensburg 082 575 3422

### *The Horse Society Showjumping newsletter, July 2000*

"Tracy Davids broke a host of records at the recent South African Children's Championships. She became the first child ever to win gold medals in no less than 3 different disciplines: eventing, equitation and showjumping. Her ride in the individual eventing championships was the 9 year old Boerperd stallion Vasvat Sikspens, owned by the Vasvat Stud. This was Sikspense's first SA Champs and when one considers that he is a stud stallion, his behavior can only be described as exemplary. Tracy has been riding him for less than a year. He also carried Tracy to victory in the individual equitation championships which they won, very convincingly by a huge margin.

The third first prize came in the individual showjumping championships. For an unprecedented 3rd year in a row, she won this prestigious event on the magnificent bay pony Vasvat Gusty owned by the Langemaat family. In a nail biting finish, they managed to pip all of the other competitors into defeat - and for the 3rd time this week her fellow competitors threw Tracy into the water jump!"




VASVAT Gusty
S.A. Champion Show Jumping,
1998, 1999, 2000



LEKKERKRY Vasvat Sikspens
S.A. Champion Eventing &
Equitation, CA Showjumper
2000


***Die jaar 2000 het behoort aan die Vasvat perde!***

**Ons het al die bloedlyne en ons selekteer vir sportperde**

Heleen

# Crisbox


**Hindie van Rensburg: 082 575 3422**





# To give your horse the best ride



HUNTER



ENDURANCE











## The Crisbox has a warranty of 12 months

*Manufactured by: C.W.L. MNFG. CO (Pty) Ltd*